# GEDENK-UITGAWE

1921 1942



# DIE MONUMENT

Jaarblad van die Monument-Hoërskool

MAART 1942

AJ Burger


# JAARBLAD

## VAN DIE

# MONUMENT-HOËRSKOOL

## KRUGERSDORP

Vol. 2. GEDENK-UITGAWE, MAART 1942. No. 5.


### REDAKSIE

*Hoofredakteur:* Daniel Voges.

*Assistent-redakteurs:* Ida Botha, Benjamin de Koker.

(*Onder toesig van* dr. J. J. Pieterse).

### INHOUD


Van die Redaksie .. .. .. .. .. .. .. .. 3
Boodskappe en Gelukwensings .. .. 5
Die Monument-hoërskool: Sy Doel en Strewe .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. 11
Die Monument-hoërskool: Sy Ontstaan en Ontwikkeling .. .. .. .. .. .. 13
Laaste Openbare Optrede van wyle prof. Jan F. E. Celliers .. .. .. .. 19
So is 'n Generasie daarmee Heen.. .. 23
Die Staf: Hede en Verlede .. .. .. .. 25
Geskiedenis van Rugby aan ons Skool 27

**Stemme uit die Verlede**

Verlief .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. 30
Hillclimb at Mulders Drift .. .. .. .. 30
Die Koshuisdoop .. .. .. .. .. .. .. .. 30
Nederlands op onze Scholen .. .. .. .. 31
Unsere Schule .. .. .. .. .. .. .. .. .. 32
Vorm V en Geskiedenis .. .. .. .. .. 33
Writing Exams .. .. .. .. .. .. .. .. .. 33
Kultuur .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. 34
A Pleasant Surprise amidst Midnight Horrors .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. 34
Inwyding van die Skool .. .. .. .. .. 35
Lied van die Jaarbladdigter .. .. .. 35
Ons Eerste Bome Geplant .. .. .. .. 35
Me Miserum .. .. .. .. .. .. .. .. .. 35
The Ultra-modern Girl in the Eyes of a Modest Schoolboy .. .. .. .. .. 36
Die Klag van 'n Arme Donkie .. .. .. 36
Spring! .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. 37
Ek Droom van.... Koffie .. .. .. .. 37
Sukses in Atletiek .. .. .. .. .. .. .. 38
Die Os .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. 38
A Poor Ignorant Schoolboy Soliloquises 39
Unsere Neue Schule .. .. .. .. .. .. 39
Ek Hou van die Gemeensaamheid waarmee die Dinge my Omring .. 40
Die Hochzeit .. .. .. .. .. .. .. .. .. 41
Die Voortrekker-eeufees .. .. .. .. .. 41
'n Nuwe Uitvindsel .. .. .. .. .. .. .. 41
Die Lig van die Dag Verdryf die Nag 42
Die Noodregulasie .. .. .. .. .. .. .. 42
Oom Bart en die Volkspele .. .. .. .. 43
Ds. Stander Besoek Biesiesvlei .. .. .. 44
Wer nie, der Kennt es Nicht .. .. .. 45
Winkende Beloftes .. .. .. .. .. .. .. 45
Die Viooltjie .. .. .. .. .. .. .. .. .. 45
My Klein Boetie .. .. .. .. .. .. .. .. 46
Relief .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. 46
Kreupele Waarhede .. .. .. .. .. .. .. 46
Die Kadette .. .. .. .. .. .. .. .. .. 47
Die Voortrekker-fakkel .. .. .. .. .. 47
Eksamen-uitslae, 1941 .. .. .. .. .. .. 47
Die Eerste Skote Val .. .. .. .. .. .. 48
The Person I Admire Most .. .. .. .. 48
Die Rosie en die By .. .. .. .. .. .. 49
Die Skool-kode .. .. .. .. .. .. .. .. 49
Doen en Late van Oud-leerlinge .. .. 49

POSBUS 177 TELEFOON 62

# W. E. CAREY

*Apteker — Afnemer — Brilmaker*

**Monumentstraat 22** **Krugersdorp**

## KODAK-FILMS ONTWIKKEL EN GEDRUK DIESELFDE DAG

Reseppe Opgemaak. Vir Oogtoetse en Brille.




Medisyne vir Alledaagse Kwale.

Posbestellings word Dadelik Uitgestuur.

MEDISYNE VIR KATTE, HONDE EN BEESTE

# DIE STAF.



*Agter:* mnre. S. Reyneke, N. Bornman, L. Wildenboer, M. Serfontein, M. C. Myburgh, J. J. Pieterse, J. C. Mahne.
*Tussen agter in tweede ry:* Mejj. J. Tichaner en I. Joubert.
*Middel:* Mej. E. de Clercq, mnre. P. Wessels, J. H. van Dyk, M. L. Brink (hoof), M. J. Gregory, mej. M. Stander.
*Voor:* Mnre. L. Tönsing, B. Burger, mej. J. J. Vermeulen, mnr. J. Lange, mej. M. Kloppers, mnr. J. Bensch (sek.).

## DIE STAF.



*Agter:* mnre. S. Reyneke, N. Bornman, L. Wildenboer, M. Serfontein, M. C. Myburgh, J. J. Pieterse, J. C. Mahne.
*Tussen agter in tweede ry:* Mejj. J. Tichaner en I. Joubert.
*Middel:* Mej. E. de Clercq, mnre. P. Wessels, J. H. van Dyk, M. L. Brink (hoof), M. J. Gregory, mej. M. Stander.
*Voor:* Mnre. L. Tönsing, B. Burger, mej. J. J. Vermeulen, mnr. J. Lange, mej. M. Kloppers, mnr. J. Bensch (sek.).

# DIE MONUMENT

## MAART 1942

# VAN DIE REDAKSIE

Op 6 en 7 Maart vier die Monument-hoërskool sy 21ste verjaarsdag. As deel van ons feesvieringe publiseer ons hierdie Gedenkuitgawe van die skool se Jaarblad. Dit beoog om 'n weerspieëling te gee van die groei van die skool vanaf sy totstandkoming 21 jaar gelede tot vandag.

Van die hand van mnr. J. H. van Dyk plaas ons 'n samevattende oorsig van wat in daardie tydperk plaasgevind het. Daarby herdruk ons ook uit vorige uitgawes van die Jaarblad artikels wat lig op die inwendige geskiedenis van dieselfde tydperk werp. Waar die geskiedskrywer, *sine ira ac studio,* in die eerste plaas die klem laat val op die gebeurtenis self sonder om in besonderhede te tree oor die innerlike belewings van die persone wie se dade hy vir ons opteken, daar soek die algemene leser soms na 'n meer persoonlike kontak met die persone wie se name en dade hy uit die geskiedenis leer ken.

Om hierdie rede stel ons 'n hele aantal persone — oud-leerlinge van die skool — opnuut aan die woord. Ons laat hulle, as stemme uit die verlede, weer tot ons spreek om ons te vertel van hul wedervarings in 'n periode wat vir baie van ons 'n skat van herinneringe meedra. So vertel iemand bv. hoe die leerlinge in die ou dae gevoel het toe hulle nog in 'n ou klein agterlike geboutjie in die destydse „agterplaas van die opvoeding in Transvaal", soos 'n oud-onderwyser, Dirk Mostert, dit in hierdie uitgawe stel, gehuisves was. 'n Ander vertel vir ons hoe hulle nog in die ou dae hul primitiewe inisiasie-neigings uitgeleef het in die gevreesde koshuisdoop. 'n Derde laat ons sien hoedat die ou generasie, waar hulle vandag deur lering en ondervinding meesters van sowel die gesproke as geskrewe woord is, 'n tien of twintig jaar gelede met stamelende artikulasie of wankelende pen hul gedagtes tot uiting probeer bring het. 'n Ander weer vertel vir ons . . . . nou ja, die artikels self sal die beste vir hulself spreek wanneer ons die bladsye van hierdie Gedenkblad naslaan.

* * * *

Ook is ons bly om 'n aantal boodskappe van belangstellende vriende van die skool, asmede van die Direkteur van Onderwys, te plaas. Ons dank hierdie here vir hul vriendelike en inspirerende woorde.

* * * *

Namens die Beherende Liggaam, die staf en die leerlinge van die skool bedank ons alle oud-leerlinge en vriende wat die skool se 21ste verjaarsdag gedenk het deur middel van 'n geldelike of ander geskenk.

* * * *

Ons waardeer die groot aantal briewe wat ons van oud-leerlinge ontvang het. Van elkeen van hulle plaas ons 'n kort mededeling in 'n spesiale rubriek in hierdie uitgawe. Gebrek aan plaasruimte maak dit ongelukkig nie vir ons moontlik om volle reg aan al hul mooi prestasies te laat geskied nie.

Waar ons in hierdie uitgawe van 'n groot aantal oud-leerlinge nie melding maak nie, daar is dit alleenlik daaraan toe te skrywe dat ons nie weet waar hulle is of wat hulle maak nie. Aan al diegenes wie se name ons nie vermeld nie, dink ons met liefde, wáár hulle ookal mag wees.

* * * *

Aan die einde van verlede jaar moes ons afskeid neem van mnr. P. J. van Heerden wat, met slegs kort onderbrekings, in 'n tydelike kapasiteit reeds sowat vier jaar 'n lid van die staf was.

* * * *

Gedurende hierdie kwartaal neem mnr. L. Tönsing, wat maar altyd te bereid is wanneer die skool sy dienste nodig het, tydelik waar in 'n addisionele pos wat aan die begin van die jaar weens vermeerdering van getalle ontstaan het.

VIR DIE INWONERS VAN DIE WES-RAND BIED DIE

# TRANSVALER-BOEKHANDEL

**Monumentstraat 32a** **Krugersdorp**

'N GULLE GELEENTHEID OM ALLE SPOED-EISENDE BESTELLINGS SONDER DIE MINSTE ONGERIEF UITGEVOER TE KRY

Bring ons 'n besoek vir alle soorte **BOEKE, SKRYFBEHOEFTES.**

Laat ons u kwoteer vir enige soort **DRUKWERK.**
Teken by ons in op **DIE TRANSVALER.**

**ONS SPESIALISEER IN DIE ALLERBESTE KINDERLEKTUUR.**

**—— DIE ——**

# TRANSVALER-BOEKHANDEL

**Telefoon 808** **Monumentstraat 32a**

Ons heet mnr. B. Burger, wat in die vaste personeel van die skool as aardrykskunde-onderwyser in die plek van mnr. C. G. Snyman benoem is, van harte welkom.

* * * *

'n Woord van welkom word ook gerig aan mnr. J. H. Bensch wat vanaf 1 Desember van verlede jaar as sekretaris van die skool en van die koshuise optree.

* * * *

Ons is bly om te kan meld dat mnr. J. C. Mahne, wat verlede jaar geruime tyd ongesteld was en twee operasies ondergaan het, weer sover herstel het dat hy aan die begin van die jaar sy werksaamhede kon hervat. Gedurende sy afwesigheid is sy klasse deels deur mnr. L. Tönsing en deels deur mej. Jossie Viljoen waargeneem, terwyl mnr. M. C. Myburgh as huisvader van die seunskoshuis waargeneem het.

* * * *

Waar die skool gedurende die eerste 21 jaar van sy bestaan veel van sy strydkragte moes toespits op die verkryging van 'n doelmatige skoolgebou daar het die mooi skoolgebou wat in 1935 ingewy is, maar tydelik uitkoms gebring, want weens die snelle uitbreiding van getalle was die nuwe gebou binne 'n paar jaar alweer te klein. Dit is daarom met vreugde dat ons melding kan maak van die vooruitsig wat deur die Onderwysdepartement gestel word dat daar volgende jaar uitgebreide addisionele akkommodasie aangebou sal word, waaronder 'n huishoudkunde-sentrum, 'n handwerksentrum en 'n nuwe wetenskaplike laboratorium.

* * * *

Die skool dank dr. P. S. Pretorius wat so vriendelik was om verlede jaar 'n boekprys vir 'n leerling in elke klas beskikbaar te stel. Die pryse is met die sluiting van die skool deur mev. Pretorius oorhandig. By dieselfde geleentheid is ook die jaarlikse Engela-prys oorhandig aan Wilhelmina Dürr en die staf het 'n spesiale geskenk aan Anna Olivier aangebied omdat sy gedurende die vier jaar van haar loopbaan as leerlinge van die skool nooit een dag afwesig was nie. Dit was 'n baie mooi prestasie van Anna.

* * * *

Mej. Julia Tichauer word gelukgewens met haar verlowing aan mnr. L. van der Horst.

# BOODSKAPPE EN GELUKWENSINGS

## VAN DIE DIREKTEUR VAN ONDERWYS

Met genoeë voldoen ek aan die versoek om 'n kort boodskap van gelukwense aan die Monument-hoërskool te rig met die viering van sy 21ste verjaarsdag.

Die beginjare was ook hier moeilik gewees, maar die skool het spoedig getoon dat hy algemene vertroue verdien. In verskillende opsigte het hy 'n stabiliteit ontwikkel wat sowel sy ondersteuners as die Departement tot waarderende tevredenheid gestem het. 'n Woord van erkenning kom seker die Beherende Liggaam, die hoof en personeel van hede en die verlede toe vir die onvermoeide ywer en die nougesette pligsbetragting waarmee hulle in die belang van die skool gewerk het.

Lewenskragtigheid was steeds 'n kenmerk van die skool. Vandaar die uitbreiding in allerlei rigtings: in die getal ingeskrewe leerlinge, in die keuse van vakke, in die oprigting van geboue, in die uitlê van sportgronde. Deur hartlike samewerking en partymaal met veel geduld is reeds baie bereik en ek twyfel nie daaraan nie dat langs hierdie weg nog meer ideale verwesenlik sal word.

My opregte wens is dat die skool 'n monument sal bly van wat deur blywende belangstelling van ouers, deur deeglike onderwys en deur 'n gesonde gees onder die jeug tot stand gebring kan word.

A. H. H. KREFT.

# Die Universiteit van Pretoria

**VIR VORMENDE OPVOEDING**

*midde in*

**DIE GELEENTHEIDVOLLE LEWE VAN DIE HOOFSTAD**

- Wydste Verskeidenheid van Kursusse van alle Suid-Afrikaanse Universiteite.
- Billike Studie- en Losiesgelde.
- Wakker Afrikaanse Studentegees.
- Geldelike Bystand aan Hulpbehoewende Studente.

*Skryf aan :*

DIE REGISTRATEUR
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
PRETORIA

*vir volledige inligting.*

## VAN MNR. W. R. RIEMERSMA, Eerste (Waarnemende) Hoof van die Skool

Waarde mnr. Brink,

Dank vir telegram en uitnodiging om 'n boodskap by die meerderjarigwording van die Monument-hoërskool.

Dit is my 'n genot om aan die versoek te voldoen, want die Monument-hoërskool van Krugersdorp het nog altyd 'n warm plek in my hart. Met die grootste belangstelling het ek voortdurend die groei van u skool gevolg. Dit was vir my 'n plesier om te sien en te hoor dat die skool daar staan as 'n *monument* van die Afrikaner-ideale.

*Geleerdheid* is baie, maar *karakter* is meer en ek weet dat u daar ook so oor dink.

Ons het maar kort saam gewerk, maar ons het nooit op enige gebied verskil nie, nòg in strewe, nòg in doel. Daarom was dit vir my aangenaam om te hoor dat u tot hoof van die Monument-hoërskool benoem is, want nou weet ek, dat die skool nog op dieselfde vaste fondament staan waarop hy opgerig is.

My bede en vertroue is daarom dat die skool nog altyd mag groei en bloei, veral in *innerlike* krag. Ek hou nie van die groot skole waar die eenling in die massa versink nie. Die Monument-skool was vir my so mooi, omdat hy so klein was. Ons het mekaar se lief en leed geken. Ons was net 'n groot familie. Ons het mekaar lief gehad.

En die liefde hy bly!

Mag dit ook nog steeds uitstraal van die Monument-hoërskool.

U vriend,
W. R. RIEMERSMA.

## VAN MNR. P. W. S. SCHUMANN, EERSTE VASTE HOOF.

Dit is vir my 'n groot genoeë om die Monument-hoërskool geluk te mag wens met die bereiking van sy een-en-twintigste verjaarsdag. Nou staan hy daar, kragtig en gesond, tot vreugde veral van ons wat sy eerste lewensjare in skamele omgewing vergesel het. Kon ons ooit dink dat die kindjie, wat te midde van die na-oorlogse misère in die twintiger jare van hierdie eeu gebore is, so pragtig sou gedy? — Die eerste jaar in die Royal George Masonic Hall, daarna in die onaansienlike tooi van Hoban se winkel cum kafee plus woonhuis, maar elke slag het die knapie so gegroei dat sy kleertjies vir hom te klein geword het en moes 'n vaderlike Departement deur min of meer geslaagde lapwerk verder voorsiening maak. As hulle tog maar destyds vir hom 'n volle pak klere besorg het dan was dit miskien beter, maar hulle het gemeen dat die ou pakkie maar net gelap en wyer gemaak moet word, en so, toe hy reeds veertien jaar oud was, het hy op die enge uithoek tussen Ockerse- en Kommissarisstrate die aansien gehad van 'n opgeskote seun met 'n broek op halfmas en 'n baadjie wat nie wil toeknoop nie en met jeugdige moue wat nouliks die elmboë omsluit.

Toe, in 1935, het hy weliswaar 'n deftige snyerspak gekry, maar op die einste dag wat hy dit aantrek was dit al klaar te klein, en van toe af het dit al meer en meer noodsaaklik geword om verder te lap en te vergroot.

So sien ek vandag die Monument-hoërskool — in volle mannekrag, maar nog gladnie voldoende toegerus vir sy doel nie. Die essensiële egter, nl. 'n kundige en doelbewuste strewe na organiese nasionale opbou, is daar, en dit is net die uiterlike wat nog kortkom. Mag hy lewe, bloei en gedy.

## VAN DIE HOOF VAN DIE AFRIKAANSE HOëR SEUNSKOOL, PRETORIA

Dit is my 'n eer en 'n genoeë om die Monument-hoërskool geluk te wens met sy mondigwording. Ek lees altyd met veel belangstelling die mooi jaarblaaie van hierdie skool en merk met Afrikanertrots op sy menigvuldige aktiwiteite op die gebied van sport sowel as en veral op die gebied van Afrikaanse Kultuur.

As een wat al 22 jaar aan die hoof van 'n Afrikaanse Hoërskool staan, weet ek van die belangrike rol wat so'n skool in sy omgewing speel en watter invloed hy uitoefen op die lewe, rigting en ideologie van ons jong Afrikanertjies.

Ek wens die Monument-hoërskool alle verdere sukses toe tot in die verre toekoms, en hoop dat hy altyd onder die goeie en verstandige leiding sal staan wat sy gelukkige voorreg in die verlede gewees het.

Ons weet dat ons Afrikaanse skole in die laaste tyd in die gedrang is, maar voel oortuig dat alle ware liefhebbers van ons Afrikaanse jeug en alle eerlike kenners van die

# *Oorweg Melkhandel*

## (Eind.) Beperk

**CROSSING DAIRY (PTY.) LTD.**

★

**Telefoon 548** ● **Monumentstraat 09**

**KRUGERSDORP**

**MEUBELS . . . MEUBELS . . . MEUBELS . . .** ***by***

# GEBRS. GOLDBERG BEPERK


**COMMISSIONERSTRAAT 43 KRUGERSDORP**

Ons sitkamerstelle wat bestaan uit twee baie groot gemaklike stoele en 'n bank is 'n onweerstaanbare versoeking vir die vermoeide liggaam en 'n onmisbare iets vir die bes gemeubileerde huis.

Ons slaapkamerstelle verseker 'n geruste en verkwikkende slaap. Ons eetkamerstelle maak dat die kos lekkerder smaak. Ons wasmasjiene is 'n seën vir die vrou, veral as daar nog kindertjies in die huis is. Dit spaar seep, water, materiaal, tyd en werk. Kom kyk daarna.

**Ons Terme is Billik, sodat iedereen sy Huis behoorlik kan Meubileer.**

KOM BESOEK ONS EN U KAN U SELF OORTUIG



*Mnr. M. L. Brink, teenswoordige Hoof van die Monument-hoërskool.*

dieper grondbeginsels van onderwys en opvoeding ons nog 'n langer kans sal gee om ons bestaan te regverdig.

Ons Afrikaanse skole het dan ook 'n plig wat ons nie mag versuim nie. Ons moet nl. ons teenstanders oortuig dat ons doel en strewe net is om goeie Afrikaners te lewer sonder enige bybedoelings; goeie Afrikaners wat as sulks hul plig sal besef en nakom teenoor alle ander dele van ons bevolking, hul gevoelens sal respekteer, simpatiek sal kennis neem van hul kultuur en dit sal waardeer as deel van ons groot Afrikaanse Nasionale Kultuur.

Ons Afrikaanse skole lewer vandag 'n bydrae van onskatbare waarde aan die hele nasie, Afrikaans- sowel as Engelssprekend. As ek hieroor moet uitwei sal dit te lank neem, en wil dan maar afsluit met die innige wens dat die Monument-hoërskool sal bly voortbestaan as een van ons Afrikaanse skole op wie ons altyd met trots sal kan wys as die soort skool wat as sulks sy bestaan regverdig.

F. J. LE ROUX.

---

## VAN DIRK MOSTERT

TEMPORA MUTANTUR.

Tempora mutantur, hetwelk is, overgezet zijnde: jy weet hoe die windjie vandag waai, maar hoe hy môre sal waai, dit weet jy nie! Rêrigwaar, as 'n mens vandag die deftige geboue en die ywerige leerlinge en die besielende onderwyspersoneel van die Monument betrag, dan swel daar iets in jou gemoed op. Daar kom by jou 'n onwillekeurige ervaring van die koue jare toe Monument soos 'n babetjie gekruip het en probeer opstaan het en sy eerste tandjies deurgebyt het op die harde bene van ondervinding en teleurstelling. In daardie jare was die bestaan van hierdie geroemde skool nie 'n vrugbare en bloeiende arbeidsakker nie, maar dit was 'n dorre en onherbergsame wildernis daar oorkant naby die park. Ons skooltjie was letterlik die agterplaas van die opvoeding in Transvaal.

En die tye het verander. Die verbete stryd om 'n bestaan is bekroon met sukses en fierheid en 'n tradisie waarop die nasie met reg trots kan wees. Die knieserige ou babetjie het gewissel en leer loop en sy rypingsjare deurgemaak en word nou mondig. Dit is 'n heuglike tydsgewrig, nie slegs as 'n bekroonde onderneming van die verlede nie maar inderdaad as 'n ontsettende verantwoordelikheid vir die toekoms. Kinders, meesters en juffrouens, julle is die belofte van die toekoms. Wat die nasie sal word, dit lê in jul hande. Besef by hierdie geleentheid die oorweldigende eise wat vir julle gestel word. Wees waardig aan die grootste roeping en die heilige plig wat aan julle toevertrou is. En hierdie paar woorde is dan my hartlike gelukwense met die mondigwording van die skool waar ek meer aangeleer het as wat ek aan andere geleer het. Vir my was Monument inderdaad nie slegs 'n leerskool nie maar 'n breiskool. Ek was jonk. Daar was nog baie illusies. My vakke was eers geskiedenis en somme en 'n happie Afrikaans daarby. Ons was in die saal naby die kerk gehuisves. Spoedig is ek bevorder tot die „stoel" van Latyn en Afrikaanse Letterkunde.

Nou ja, en dan swoeg ek my boeglam met die liewe Latyn. Dan vra ek vir Japie Schwarts: „As ek jou iets leer, Japie, wat is dit in Latyn?" En hy antwoord: „*Doceo*, meneer." „Reg! En as jy my iets leer?" „*Disco*, meneer!"

Maar die brood wat in daardie sukkeljare op die water gewerp is, het na vele dae tot ons teruggekeer. Monument het sy vrugte in ruime mate afgewerp. Hoeveel trotse en nuttige burgers en burgeresse is die land in om hul plekke waardig te beklee! En as ek hieraan dink, dan dink ek aan my ou Prinsipaal, P. W. S. Schumann, en aan daardie lieftallige Afrikaanse vrou en moeder, Elsa Stander (Schumann), wat ons in die donkerste ure met 'n woordjie van bemoediging bygestaan het. Wat daardie twee mense vir my beteken het, sal ek nooit vergeet nie. My ou Beste en ek sal alles onthou tot ons oudag.

Maar wat het die kinders nie vir ons beteken nie! As elke kind maar wil besef hoeveel hy in die lewe van die onderwyser beteken! Dit was in Monument waar ek begin dink het aan skrywery. Daar het die besieling na my toe gekom soos 'n verkwikkende windjie. Daar het ek geleer wat in die murg van die Afrikanerkind sit. Daar het ek besef wat die groot roeping van die onderwyser is. My C.S.V., my debat, my biblioteek, al die ou werkies wat so'n innige blydskap

# DIE SPRINGBOK-BIBLIOTEEK

PRYS 5/6 ELK.

'N REEKS VERDIENSTELIKE AFRIKAANSE BOEKE

**—— AFDELING ROMANS ——**

Alreeds verskyn:

N. A. Potgieter .. .. **OORWINNING**
Elise Muller: **EK, 'N SAMARITAANSE VROU.**
Anna Louize Conradie .. .. **LAURA**
Kootjie v. d. Heever: **WIE 'N ANDER JAAG**

In die Pers:

J. R. L. van Bruggen .. .. **DIE GERIG**
Zelia Meyer .. .. .. **NALATENSKAP**
J. H. Grobler: **AS SKADUWEES DAAL**
Regina Neser .. .. **BLARE WAT VAL**

Ander volg.

# UNIE-BOEKHANDEL

**Kerkstraat 236 (EDMS.) BPK. Posbus 1016**

**P R E T O R I A**

# RHODES, DU TOIT EN HARTHAN

(J. S. DU TOIT EN G. J. HARTHAN)

LAND- EN BOEDELAGENTE

**MONUMENTSTRAAT 26 KRUGERSDORP POSBUS 82**

BESIGHEID VERRIG: Administrasie van Uitgestorwe en Insolvente Boedels; Huurgelde Ingevorder; Onderhandeling van Lenings; Uitreiking van Lewens- en Brandassuransiepolisse; Invordering van Verbande, Promesse en ander Skulde; Belegging van Kapitaal, ens.

Ons verteenwoordig die **S.A. ONDERLINGE LEWENSVERSEKERING MAATSKAPPY** (Ou Mutual), opgerig 1845. 'n Suiwer Suid-Afrikaanse Maatskappy.

Verseker u Lewe en verban daardie Gevoel van Onveiligheid.

verskaf het. En my vriende, . . . . voor my op die banke en langs my in die stafkamer! Waar is hulle vandag? Die tye verander, maar die gees van besieling en die ywer wat lei tot sukses, bly daar. Dit word net sterker en mooier met die verloop van jare. En dit is my indrukke en gedagtenisse van die skool wat vir my geleer het meer as wat ek aan daardie opregte en lewensbewuste en ywerige leerlinge kon leer. Ek is meer aan hulle verskuldig as hulle aan my, en Goddank ook! Dit gaan julle goed! Wees fier en groots en sterk. Wees trots op jul skool en sy tradisies en sy prestasies. Bou op en handhaaf al wat skoon en waardig en sierlik in die lewe van die mens is. Vivat, floreat, crescat Monumentum, et si Monumentum quaeris, circumspice!

### VAN DIE POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEITSKOLLEGE

Namens die Raad en die Senaat van hierdie Inrigting wil ek u en die skool van harte gelukwens met hierdie mylpaal wat die skool bereik het en ons wil graag die hoop uitspreek dat die skool nog verder sal presteer in diens van die Afrikanerdom.

S. DU TOIT,
Registrateur.

### VAN DIE HOOF, HELMPEKAAR-HOëRSKOOL

Hartlik geluk met die mondigwording van die skool. Jong Suid-Afrika sal getrou bly en koers hou op die pad wat Suid-Afrika na sy God-gegewe bestemming volg.

J. G. BRINK.

# DIE MONUMENT-HOËRSKOOL: Sy Doel en Strewe

Deur M. L. BRINK, B.A., Hoof.

Gebore een-en-twintig jaar gelede uit 'n volksbehoefte moes die skool vir lange jare 'n stryd voer om sy eie bestaan. Ons Afrikaners het nie altyd verstaan en gevoel dat die skool 'n integrerende deel van hulle eie kultuurgoedere is nie. Ou Monument het sy donker dae gehad en was eenkeer selfs op sterwe na dood. Dit behoort egter nou aan die verlede en hoewel sommige van die Afrikaanssprekende gemeenskap van die omgewing die skool nog nie in sy regte lig sien nie, het hy, na sy eerste trek, sy eie karakter bestendig en stuur hy doelbewus op sy bestemming af.

Monument het koers gevat en onder die leiding van die hand van God wil hy vorentoe beur met al sy krag.

Dit word die skool soms verwytend toegeslinger dat sy strewe enkel op goeie eksamen-uitslae mik. Die doel sou dan uitsluitend wees: soveel leerlinge as moontlik geslaag en die hoogs moontlike persentasie in die eerste klas, met 'n maksimumale getal onderskeidings.

Dit word rondborstig erken dat wel na hierdie doel gestrewe word en in ons krag, onder die genoemde Leiding, word gevoel dat ook nog verdere suksesse voor die deur staan. Kennis is onontbeerlik en vir ons verarmde volk in die besonder. „Liewers slyt as roes" is die leuse en gesonde arbeid, bekroon met sukses, baar rus en vrede in die gemoed en selfvertroue wat so noodsaaklik is.

Daar is egter meer doelwitte.


Die grondslag van die skool se strewe is Christelik-nasionaal. 'n Vooropgestelde mikpunt is 'n grondige kennis van Bybelgeskiedenis, kerkgeskiedenis en gemeenskaplike kerkleer sowel as die kweek van 'n Christelike gesindheid. Daarby kom dat Monument homself ten doel stel om 'n grondige kennis van ons volksgeskiedenis en tradisies te bekom en om die Voortrekkergewoontes uit te lewe. Die skool wil die Afrikaanssprekende gemeenskap tot diens wees en sal die fakkel wat die lig voor in die wapad versprei, omhoog hou.

In die uiteindelike verwesenliking van sy ideale soek die skool sy geluk. Geluk in hierdie sin jaag ons na. 'n Eenheid van gelukkige Afrikaners — leerlinge en leerkragte — wil ons wees.

Heelhartig word deelgeneem aan soveel vertakkings van sport as moontlik — sport in die ware sin van die woord, met die oogmerke: ontwikkeling beide van liggaam en van gees.

Die ideale van die skool is duidelik omlyn, die rigting is reeds ingeslaan en koers sal Monument hou!

# Hendrik Potgieter Provinsiale Koshuis vir Seuns




- Nou onder die beheer van die Transvaalse Provinsiale Administrasie en gehuisves in ruimer geboue. Nuwe voorsiening is gemaak vir behoorlike toerusting en alle pogings word aangewend om die huisvesting van seuns so doelmatig moontlik te maak.

- Inwonende onderwysers hou streng toesig oor die studie van kosgangers.

- Om te verseker dat hulle seuns hul beste op die hoërskool lewer word ouers sterk aangeraai om van die geleentheid wat deur hierdie inrigting vir gereelde studie gebied word, gebruik te maak.

- Om verdere inligting skrywe aan:

DIE SUPERINTENDENT
HENDRIK POTGIETER-KOSHUIS,
MONUMENT-HOëRSKOOL.



*Mnr. P. W. S. Schumann, eerste vaste Hoof van die Monument-hoërskool,* 1922—1938.

# DIE MONUMENT-HOËRSKOOL: Sy Ontstaan en Ontwikkeling.

Deur J. H. VAN DYK, M.A., M.Ed.

Die stigting van die Monument-hoërskool of Afrikaansmedium Hoërskool, soos dit by sy opening offisieel bekend was, staan in innige verband met die groei van Afrikaans as amptelike taal van ons land en die groeiende bewussyn by die Afrikaner van 'n aparte nasieskap. Kenmerkend van ons geskiedenis van na die Tweede Vryheidsoorlog is die toenemende trek van die plattelandse boer na die Randse goudstede, die groei van die Afrikaanse taal en die doelbewuste strewe na moedertaal-onderwys in ons land.

Deur die inwerking van hierdie bewegings, tesame met ander faktore wat nie hier bespreek kan word nie, was die periode 1914 tot 1921 'n bloeitydperk in ons onderwys. In 1914 het die Transvaalse Provinsiale Raad besluit om die stelsel van kostelose onderwys tot die middelbare en hoërskole uit te brei; skoolrade het meer en meer aangedring op die uitbreiding van onderwysgeleenthede, vernaamlik in die rigting van middelbare skole, en as gevolg daarvan is in April 1918 tien nuwe hoërskole in Transvaal geopen, waardeur die totaal op 20 te staan gekom het.

In 1914 het Kaapland offisiële erkenning aan Afrikaans in die laerskole verleen; die twee noordelike provinsies het soortgelyke besluite geneem, propagandawerk is kragtig voortgesit en Afrikaans het sy plek in die skole, soos ook in die staatsdiens, vir goed verower.

As gevolg van skerp kritiek gedurende die sitting van die Provinsiale Raad, eind 1917, op die onderwysbeleid van Transvaal is daar 'n Onderwyskommissie deur die Administrateur benoem, met die opdrag om die hele stelsel en administrasie van onderwys in die provinsie te ondersoek en daaroor rapport uit te bring. Een van die brandendste kwessies wat die Kommissie moes ondersoek was die taalkwessie en veral in sover as wat dit ingryp in die skoolorganisasie. Hulle moes naamlik die voor- en nadele van enkel- en dubbelmediumskole ondersoek. In die laaste verband het hulle aanbeveling, wat in 1920 verskyn het, hierop neergekom dat, waar dit moontlik is, enkelmediumskole die reël en parallelklasse in dieselfde skool die uitsondering moet wees.


As gevolg van die sterk aanbevelings in die Kommissieverslag het die Departement tot die stigting van nog elf hoërskole besluit. Hierdie keer sou meer bepaald gesorg word vir die groeiende Afrikaanse bevolking van die Rand. Nog in dieselfde jaar is die eerste Afrikaansmedium-hoërskool op die Rand, die Voortrekker-hoërskool te Boksburg, gestig. Daarna het Johannesburg die Helpmekaar-hoërskool gekry en op Dinsdag, 1 Februarie 1921, is die Afrikaansmedium-hoërskool op Krugersdorp geopen. So is eindelik in 'n dringende behoefte aan die Wes-Rand voorsien en die wens vervul van menige Afrikaner, waaronder seker nie die minste nie, persone soos ds. Van Vuuren van die Ned. Ger. Kerk en mnr. T. C. Stoffberg, L.U.K., wat elkeen in sy eie kring hom beywer het vir die verkryging van so'n skool.

Die Royal George Vrymesselaarsaal in Ockersestraat waarin die openingsplegtigheid plaasgevind het, was tot oorlopenstoe gevul met belangstellendes, ouers en kinders. Mnr. Stoffberg, wat ook voorsitter van die Beherende Liggaam was, het in sy openingsrede veral klem gelê op die voordele van moedertaal-onderwys en Krugersdorp geluk gewens met die verkryging van die skool. Die burgemeester van Krugersdorp, mnr. J. Dieperink, het in sy toespraak namens die munisipaliteit 'n goeie en ruime terrein aan die nuwe skool beloof. Verder is daar toesprake gelewer deur die hoof, mnr. W. R. Riemersma, mnr. Wouter Brink, ds. Charlton en sir Abe Bailey, L.V. van Krugersdorp.

Na afloop van die plegtigheid het die klein groepie kinders met die hoof en twee staflede (mnre. J. B. J. Kachelhoffer en L. J. du Plessis) in die saal alleen agtergebly.

Die kinders is getel en as volg verdeel: Std. VI, 5; std. VII, 48; std. VIII, 4; std. IX, 7. Nog twaalf ander leerlinge het ook aan-

# CHRISTINA PRETORIUS PROVINSIALE KOSHUIS VIR MEISIES



Verbonde aan die Monument-Hoërskool en onder Provinsiale Beheer, in samewerking met 'n kommissie bestaande uit ds. M. T. Martinson, mnr. M. L. Brink (hoof), mev. dr. P. S. Pretorius, mev. S. Frost, mnr. M. H. O. Kloppers en mnr. J. H. van Dyk (huisvader).

- Een van die mooiste en modernste koshuise in die land. Meisies wat van die Departement beurse kry en ander kan hier onder die persoonlike toesig van die huisvader en inwonende onderwysers(esse) verder leer.
- 'n Streng Christelik-Nasionale gees word steeds bewaak en bevorder.
- Genoeg geleentheid word verskaf vir gesonde sport en ontspanning. Vir verdere besonderhede skryf aan:

DIE SUPERINTENDENT,
OTTOPLEIN, KRUGERSDORP.

soek gedoen, sodat daar vir 76 leerlinge voorsiening gemaak moes word. Na beraadslaging tussen die hoof en die Beherende Liggaam is daar besluit om weens die tekort aan onderwysers en die gebrek aan klasruimte alleen die std. VII-leerlinge aan te neem. Vir die res sou later gesorg word.

Die 48 leerlinge is in twee klasse verdeel. Die enigste keuse van vakke is toegelaat tussen Duits en Latyn. Verder moes almal in die volgende vakke onderwys ontvang: Afrikaans, Engels, rekene, algebra, meetkunde, natuurwetenskap, geskiedenis en Bybelgeskiedenis.

'n Afskorting van plank, omtrent 7 voet hoog, het die Vrymesselaarsaal in twee klaskamers verdeel en die klein kamertjie by die ingang moes dien as kantoor vir die hoof, asook as klaskamer vir die 5 leerlinge wat Latyn gekies het. Hierdie Latyn-klas is waargeneem deur mnr. Kachelhoffer, terwyl mnr. Du Plessis die res in Duits onderrig het.

Onder hierdie primitiewe, hoogs ongewenste omstandighede is die werk met alle erns aangepak. Aan die einde van die eerste kwartaal kon die hoof rapporteer dat die uitslae van die eerste kwartaalse eksamen nogal nie te sleg was nie. Mens kon merk, sê hy, dat die kinders nog nie aan die soort eksamen gewoond was nie. Die meisies het beter as die seuns gedoen.

Met die openingsdag van die tweede kwartaal het twee nuwe onderwysers hulle verskyning gemaak, nl. mnre. M. L. Brink en M. J. Kok, beide vas aangestel in die plekke van mnre. Kachelhoffer en Du Plessis wat hulle terug na die Universiteit begeef het. Omdat nie een van die twee nuwe staflede voldoende kennis van Duits gehad het om dit met vrug te onderrig nie, is die Duitse klasse gestaak en die Latyn-klas na skoolure deur mnr. Kok gegee. Verder het die skoolwerk sy gereelde gang gegaan, hoewel die eerste wetenskap-apparaat en toerusting eers in Mei aangekom het.

Gedurende die derde kwartaal is 'n begin gemaak met sangonderwys. Om weer die hoof aan te haal: „met die oog op 'n gesellige aand." Op 1 September is die goedkeuring van die Departement ontvang dat die naam van die skool „Monument-hoërskool" sou wees. Die skoolkleure is ook deur die Beherende Liggaam vasgestel: donkerbruin, donkerblou en oranje. Die skoolbiblioteek is ook in hierdie maand geopen met 118 boeke, waarvan 72 deur die leerlinge versamel is.

Aan die einde van die eerste jaar het die skool met 60 kinders op die rol gesluit. Negeen-veertig is na std. VIII oorgeplaas. Die aand voor die sluiting het die geselligheid toe plaasgevind. Die saal was stampvol en die opbrengs £15.

Was die jaar 1921 die jaar van klein begin, dan was 1922 die jaar van worsteling. Groot gebeurtenisse staan in hierdie jaar vermeld: By die begin van die eerste kwartaal het mnr. P. W. S. Schumann, die eerste vaste hoof van die skool, sy dienste aanvaar in die plek van mnr. Riemersma wat 'n aanstelling in Pretoria gekry het. Die skool het ook verhuis na ander geboue, 'n ou kafee met woonhuis-annexe, naby die park. Hierdie geboue was, toe die skool moes open, nog nie in orde nie, sodat die skool eers agt dae later geopen kon word. In hierdie uiters ondoeltreffende geboue moes die werk voortgesit word. Maandagmôres moes die godsdiens in die opelug gehou word en in die kou winterdae het almal op die sementvloere gebibber van die koue of versmoor van die reuk en rook van die oliestowe wat die kamers moes verwarm.

Hierdie ellende is nog vererger deur die wêrelddepressie wat as gevolg van die Wêreldoorlog sy knellende bande ook in ons land laat voel het. Op onderwysgebied het hierdie ekonomiese agteruitgang 'n belemmerende uitwerking gehad: Algemene besuinigings is toegepas in die planne van die skoolgeboue, in die opvulling van vakatures, in die toekenning van materiaal en salarisskale van onderwysers. Die bou van 'n nuwe hoërskool op Krugersdorp is daardeur op die lang baan geskuif.

Tog het die skool geopen met 128 leerlinge op die rol, die hoof en drie staflede, wat in die loop van die eerste maand tot ses vermeerder het. Gedurende Maart 1922 het 'n nuwe moeilikheid opgeduik in die vorm van die staking op die Rand, waardeur die skoolbesoek sorgwekkend gedaal het. Verskeie dae is die kinders alleen gedurende die eerste sessie besig gehou en dan maar, op instruksies van die Beherende Liggaam, huis-toe gestuur.

In hierdie kwartaal is ook 'n begin gemaak met 'n behoorlike kosinrigting vir seuns. Op 2 Februarie was daar reeds 37 seuns in die koshuis onder die toesig van die hoof.

# VOLKSKAS

Verskaf alle bankdienste (ook tjekrekeninge).

**25**

Takkantore bedien die Bank se kliënte deur die hele Unie.

**Totale Fondse oorskry £1,600,000.**

Vra verdere inligting by die VOLKSKAS-kantore :

**MONUMENTSTRAAT 19 KRUGERSDORP**

**VOLKSKAS (Koöperatief) BEPERK**

(Opgerig kragtens die Koöperatiewe Wet).

DIE VOLK SE BANK



**DIE GROOT GEBEURTENIS VAN DIE JAAR**

vir oud-leerlinge van die Monument-hoërskool is die

# OUDSTUDENTE-REUNIEDANS

in die

## STADHUIS, KRUGERSDORP

op

**Saterdagaand 28 Maart 1942**

***Musiek: Die Paardekraal-orkes.***

**TOEGANG: 2/6 ENKEL.**

Na drie maande het mnr. Brink die huisvaderskap oorgeneem.

Nog maar jonk het die Monument-hoërskool sy eerste besoek van die inspekteurs ontvang (Mei 1922). Met genoeë meld hulle in hul rapport van die besieling en entoesiasme in die werk, in weerwil van die gebrek aan akkommodasie en toerusting. Van die koshuis praat hulle met lof, maar merk tog op dat 'n klavier in die koshuis van meer waarde sou wees as die wastafels en toiletstelle wat in elke kamer te vind was! Wat veral hulle aandag getrek het was die eersteklas melkkoei wat in die agterplaas aangehou word.

In die loop van 1923 is ook die Harmoniekoshuis vir meisies onder die beskerming van die Ned. Geref. Kerk geopen.

Onder die leiding en hoofskap van mnr. Schumann het die skool van krag tot krag vooruitgegaan. Waar die inskrywing in die begin van 1922 128 was, was dit in die begin van 1923 160 en in 1924 reeds 230.

Met die verbetering in die algemene wêreldtoestande het die skool ook beter dae leer ken. Met voldoende leerkragte, toerusting en materiaal, asook verbeterde geboue, (nuwe klaskamers is by die kafee in die loop van die jare bygevoeg) kon die skool begin presteer.

Ook op die gebied van sport en buiteskoolse werk is in die eerste bestaansjaar 'n aanvang gemaak. Op 22 April 1921 het mnr. Brink die seuns bymekaar geroep om die kwessie van spele met hulle te bespreek. Hulle wou „sokker" speel. Rugby? Daarvan wou niemand hoor nie. Dit het nou eenmaal nie gepas by skoolseuns nie! Op eg „demokratiese" wyse het mnr. Brink hulle egter laat verstaan dat daar in die Monument-hoërskool alleen rugby gespeel word! So is die oudste skoolklub, die Rugby-klub, gestig met mnr. Brink as markotter en C. Bronkhorst as eerste kaptein. Nie een van die seuns, nie eers die kaptein nie, het iets van rugby geweet nie. Danksy die breier was die Monument se span die beste op die Wes-Rand want . . . . hy was ook die enigste!

In November 1921 is 'n begin gemaak met krieket, maar die rugby-koors het die seuns reeds beetgepak.

In April 1924 het die Kadetkorps sy ontstaan gekry en so flink het die kadette vooruitgegaan dat die Bevelvoerder van die Witwatersrandse Militêre Distrik Monumentskool se kadette gekies het as erewag by geleentheid van die besoek van die Prins van Wallis aan Krugersdorp in Mei 1925!

Die korfbalklub het gelyktydig met die rugby-klub ontstaan, met mej. Vorster as eerste afrigster. Somaar met die wegspring het die Monument sy opponente kafgeloop.

In November 1925 het die Beherende Liggaam £100 uit die koshuis se fondse gestem vir die oprigting van twee tennisbane. Hierdie eerste bane was egter te klein, sodat die tennisklub 'n kwynende bestaan gevoer het tot ongeveer 1928, toe die bane verbeter is en daar nuwe lewe onder die tennisspelers gekom het.

In 1922 is ook die Afrikaanse Debatsvereniging, die Christen-Studentevereniging en 'n tak van die Afrikanerbond van Middelbare Skole gestig. In samewerking met die staf is die eerste toneelopvoering, „Die Familiesaak" van Langenhoven, onderneem.

Aan die einde van 1923 het die eerste leerlinge van die Monument-hoërskool aan die Eerste Trap van die destydse Middelbare Skoolsertifikaateksamen deelgeneem. Van die 35 kandidate wat geskryf het, het 30 geslaag.

Teen die einde van 1924 was die geboue alweer te klein, maar die hoop op nuwe geboue het herleef deur die besoek van die Administrateur aan die skool. Sy koms was hoofsaaklik met die doel om self ondersoek in te stel na die noodsaaklikheid van 'n modern-ingerigte skoolgebou. Hy het die geboue as „lapwerk" bestempel en net onderkant die spoorwegstasie die terrein wat deur die munisipaliteit geskenk is, ondersoek. Tog moes die hoof aan die einde van die volgende jaar nog rapporteer dat „die onbevredigende toestand van die geboue, gebrek aan ruimte vir speelgronde, ens., op meer as een manier gedurende die jaar geblyk (het)." „Aan die einde van hierdie jaar," so gaan die rapport verder, „die vyfde jaar van ons bestaan, versoek ons met nadruk, en ons sal aanhou smeek, dat so spoedig moontlik 'n einde gemaak sal word aan hierdie wantoestand. Meer as 'n jaar gelede het die Administrateur die huidige geboue as lapwerk bestempel en gedurig word dit nog nodig bevind om verder te lap."

Die hoop beskaam nie! In Maart 1926 het die nuus gekom dat die Provinsiale Raad £15,000 gestem het vir die bou van die Monument-hoërskool. 'n Beter terrein, nl. die Otto-plein, waar die skool tans staan, is intussen

CORRIE
ALGEMENE HANDELAAR
RUSTENBURGWEG 56
(Eienaar: A. THERON)
DIENS EN WAARDE
KOM
Ondersteun een van u oud-skoliere.

Phone 778.
Cor. Market and Ockerse Streets
KRUGERSDORP
EDDY'S
COMPLETE MEN'S OUTFITTERS
LATEST SHIRTS, TIES, AND SOCKS ALWAYS IN STOCK.
WE SPECIALISE IN TAILOR-MADE SUITS.
Receiving Depot :—
MICKY MOUSE CLEANERS AND DYERS.

Phone 311. P.O. Box 18.
*For Everything Musical and Electrical*
WALLACH'S MUSIC SALOON
Radios — Refrigerators — Washing Machines — Music and Records — Radio and Electrical Repairs.
46, Ockerse St. - - - KRUGERSDORP

DIE WESRAND-APTEEK
CHEMISTS -:- DRUGGISTS
(Always at your service)
30, MONUMENT STREET,
KRUGERSDORP
Phones: Day 680. Night: 712

D. P. ENGELA
★
Algemene Handelaar
Markstraat 46
Posbus 142. Foon 293.
★
Ons kan u van alles voorsien.

For Outstanding Value . . .
in
LADIES' WEAR
and
GENERAL DRAPERY
visit
KNIGHTS
Krugersdorp's
FOREMOST DRAPERS

verkry i.p.v. die grond naby die stasie by die witsand. Op 10 April 1934 eers het die eerste dinamietskote by die uitgrawing vir die fondament van die nuwe geboue geval. Die hoeksteenlegging deur die Administrateur, mnr. Simon Bekker, het op 5 September 1934 in teenwoordigheid van 'n groot skare belangstellendes, w.o. ook dr. S. P. E. Boshoff, die Direkteur en mnr. G. Moerdyk, die argitek, getel het.

Op 18 Mei 1935, veertien jaar na die stigting van die skool, is die nuwe geboue ingewy. Met 'n swierige optog — 'n model van die Paardekraal-Monument vooraan — het die verrigtinge begin. Mnr. G. A. C. Kuschke, die Direkteur, het eerste die woord gevoer; daarna senator T. C. Stoffberg en mnr. Moerdyk. L.T. skryf in die Jaarblad van daardie jaar:

> In konkreet pryk op Ottoplein geheel,
> wat voorheen was 'n yle lugkasteel;
> met plegtigheid het ons hom ingewy,
> en aller hart was dankbaar, trots en bly.

Hierna was die belemmerende uitwerking van die ondoelmatige geboue en omgewing op die werk en uitbreiding van die skool verwyder. Op Ottoplein was daar 'n toekoms. Binne die kortste tydsbestek is daar gesorg vir 'n behoorlike rugbyveld, tennisbane en hokkieveld. Bome is aangeplant en 'n begin is gemaak met die uitlê van die grond.

Die seunskoshuis is intussen verskuif na die pastorie van die Hervormde Kerk in Derdestraat en in die Eeufeesjaar is 'n sierlike gebou vir die meisies deur die Administrasie by die skool opgerig. Ter herdenking aan die koms van die ossewaens en Monumentskool se aandeel in die ontvangs van die waens op 1 Desember is die twee koshuise herdoop tot Hendrik Potgieter-huis en Christina Pretorius-huis. Die „doopsertifikate" is op die wa geteken deur Oom Tienie van Schoor, leier van die Trek. Aan die begin van 1939 is Hendrik Potgieter-huis ook deur die Provinsiale Administrasie oorgeneem en moes die seuns weer verhuis na die geboue waarin hul tans nog gehuisves is op die hoek van Bodenstein- en Derdestraat.

'n Verdere mylpaal in die geskiedenis van die skool is aan die einde van 1939 bereik deur die skielike vertrek van mnr. Schumann en die aanstelling van mnr. M. L. Brink as hoof in die begin van 1940. Vir agtien jaar het mnr. Schumann die lief en leed van die Monument-hoërskool help dra en die inrigting in sy tyd van Sturm und Drang deurgeloods tot hy op veilige, selfstandige en trotse fondament gevestig is. Sy vertrek is diep gevoel, maar sy welverdiende promosie tot inspekteur van onderwys is hom allerweë gegun.

Waar die Monument-hoërskool in die jaar van sy mondigwording met trots terugkyk op sy verlede wil hy ook in die toekoms trou bly aan sy leuse: „Liewers slyt as roes."

# Die Laaste Openbare Optrede van wyle prof. Jan F. E. Celliers

Deur dr. J. J. PIETERSE.

Stil het hy onder ons gewoon. Stil was veral sy laaste jare toe selfs die sanger in hom geswyg het. Sy 70e verjaarsdag het so stil verbygegaan dat iemand geklae het dat dit lyk asof die volk van Suid-Afrika een van sy grootste digters vergeet het reeds voor sy dood.

Nog vyf jaar het verbygegaan en weinig is van Jan Celliers gehoor. Die sanger het geswyg en die mens Celliers het hom onttrek aan die gewoel van die wêreld daarbuite. Stil het hy sy tyd deurgebring aan die huis van 'n broer of 'n kind. Die platform het hom nie geken nie en oor openbare aangeleenthede het hy nie sy stem verhef nie. Hy was die filosoof wat na 'n lewe van diepe bewoënheid tot sigself gekeer het en in stille oorpeinsing meester van sy eie gemoed is.

En toe bereik hy sy 75e verjaarsdag. Hierdie keer het sy volk hom nie vergeet nie, al sal die nageslag dit nog betreur dat daar nie meer gedoen is om die gryse volksvader te eer en die aand van sy lewe te beglans met die gloed van gulle liefde-betoon nie.

Onder diegene wat hulde aan Jan Celliers gebring het op sy 75e verjaarsdag is die Afrikaanse Vereniging van die Monument-hoërskool. Dit is besluit om prof. Celliers uit te nooi na 'n Celliers-aand wat ter ere van die digter op Krugersdorp gereël sou word. Die

**Mellmore-Kontantwinkel**
(Eienaar: F. G. Melchbeker)

Afrikaanse Kruidenierswinkel
vir vriendelike behandeling

**Foon 994. RUSTENBURGWEG 39.**
**KRUGERSDORP-WES.**

**Model Tea Rooms**
(Prop. S. VENTURAS)

DELICIOUS COFFEE AND TEA,
SWEETS, CIGARETTES AND
CONFECTIONERY.

**Phone 490. 35, RUSTENBURG RD,**
**WEST KRUGERSDORP.**

**B. SUPER**
**General Drapers and Outfitters**

MASTERMAN SHOES

**Phone 261. 47, RUSTENBURG RD.**
**WEST KRUGERSDORP.**

*Ondersteun u mede-Afrikaner*
**H. S. DE KOKER**
**VRUGTEWINKEL EN**
**ALGEMENE HANDELAAR**
Vriendelike Afrikaanse Behandeling
Billike Pryse
**RUSTENBURGWEG 37,**
**KRUGERSDORP-WES.**

**ONS BOERE-**
**SLAGHUIS**

*DIE SLAGHUIS WAAR ONS*
*BOERE BEVREDIG WORD*

Ons koop Slagvee van die
Boer en slag self.

**Vir Kontant kry u meer Vleis**

**Foon 1032**
**RUSTENBURGWEG - - - - - 76A**

As u Vaste Eiendom wil koop
of verkoop, raadpleeg eers . . .

**Die Suid-Afrikaanse**
**Diensburo (EIEND.) BEPERK**

Algemene, Finansiële, Assuransie- en Eiendomsagente.

Ons is ook Hoofagente vir—

**Kenmare-Dorpsgebied**

waar u standplase teen uiters billike
pryse en maklike terme kan koop.

**Foon 1603. MARKSTRAAT 21A**
**KRUGERSDORP**

# JAN CELLIERS.



*Wyle prof. Jan F. E. Celliers afgeneem tydens sy besoek aan Krugersdorp op 10 en 11 Februarie 1940. Op die portret staan: mnr. W. P. Boshoff, prof. Jan F. E. Celliers, mev. W. P. Boshoff, dr. J. J. Pieterse, mej. J. J. Vermeulen.*

vraag was of dit moontlik sou wees om vir Celliers self oor te haal om oor te kom en die verrigtings by te woon, want dit was bekend dat hy nie graag in die openbaar optree nie. Daarom was dit 'n groot verrassing om op 'n uitnodiging van die digter wat toe in Pretoria was, die volgende instemmende brief te ontvang. Hy skrywe: „Om verskillende redene wys ek, in die laaste jare, alle uitnodiginge van die hand, tot bywoning van publieke funksies. My doofheid verhinder my ook om te weet wat daar by sulke geleenthede gebeur. U vereniging het my egter so tot sentrale en uitgangspunt van u feestelikheid gemaak, dat ek huiwerig voel om u teleur te stel.

„As julle daarmee tevrede is dat ek bloot as toeskouer (ek wil nie sê as aanhoorder) teenwoordig is nie, dan is ek gewillig om te kom. Maar moenie 'n toespraak van my verwag nie, want die soort ding het ek al lang afgeskaf. Wees tevrede a.u.b. met 'n paar — 'n *kleine* paar — bloot formele opmerkinge."

In afwagting van prof. Celliers se koms is reëlings getref om hom op 'n groot opelugfunksie te onthaal. Hierdie funksie sou op Saterdagaand, 10 Februarie 1940, op die grasperke van die seunskoshuis plaasvind. En daar begin dit die vorige nag te reent! Of die reent wou ophou? Die volgende dag om tienuur reent dit nog een stryk deur. Daarom is besluit om die funksie die aand in die saal van die Monument-hoërskool te hou.

In die namiddag is prof. Celliers by die woning van sy broer in Pretoria afgehaal en na Krugersdorp oorgebring. Hy het tuisgegaan by mnr. W. P. Boshoff wat hom die aand op 'n dinee waarheen 'n aantal vriende uitgenooi is, onthaal het.

Na die ete en voor die aanvang van die verrigtings in die skoolsaal het prof. Celliers my gevra, baie beskeie, of ons van sy gedigte op skool met die leerlinge behandel. Toe ek hom verseker dat dit wel deeglik die geval is en dat ons inderdaad veel aandag aan sy poësie bestee, wou hy weet watter van sy gedigte dit is wat ons behandel. Ek noem toe „Die Vlakte" en nog 'n paar aanverwante gedigte, deels met die naïewe hoop om hom gerus te stel dat ons sy beste gedigte behandel en dat ons hom as digter reg waardeer. Maar Celliers was teleurgesteld met my antwoord. Hy wou weet of ons dan nie sy oorlogsgedigte aan die kinders leer nie. „Behandel julle dan nie my *Jopie Fourie* nie? Wat is verkeerd daarmee?"

Ek het hom probeer verduidelik dat ons op skool moet probeer om dinge met 'n politieke strekking te vermy — ons bepaal ons meer by die kunssy van sy werk. „Maar beskou u dan *Die Vlakte* as nou juis so'n goeie gedig?" Ek kan nog onthou hoe Celliers met 'n handgebaar hierdie gedig *cum suis* as minderwaardig opsy geskuif het ten gunste van wat hy beskou as sy beste poësie, nl. sy oorlogsgedigte. Ek is jammer dat ek nie sy woorde opgeteken het nie, maar die strekking van sy redenasie was dat *Die Vlakte* maar gewoon sentiment is sonder dat dit met ons bestaan as volk iets te doen het. Sy oorlogsgedigte, aan die ander kant, meen hy, is uit ons volksgeskiedenis gebore, hulle besit vir ons blywende waarde en dien as bron van inspirasie vir ons jonger geslag.

Hier moes ek hom daarop attent maak dat daar, afgesien van ander konsiderasies, die skaduwee van die oorlog en, les bes, van die interneringskampe, oor ons koppe hang. Onmiddellik het hy nie hierop geantwoord nie. Eers later in die aand, toe hy aan die woord kom, sou hy hom hieroor uitspreek, sonder om hom te bekommer oor die vraag of die woord „bang" nou juis die mees takvolle benaming was om die so vurig verdedigde standpunt van „my jonge vriend, die voorsitter", te beskrywe. In elk geval was hy teleurgesteld daarmee dat ons, wat sy gedigte betref, die aap aan die stert beet het.

Die program van die aand het bestaan uit die voordrag van stukke uit Celliers se poësie en die sing van stukke waarvan hy die woorde gedig het. Onder andere het Oenone v. d. Bergh „Waghondjies" voorgedra en na aanleiding hiervan het Celliers my die volgende dag vertel dat hy veel behae daarin geskep het om te sien (hy kon teen hierdie tyd meer sien as hoor omdat sy gehoor-instrument in die loop van die aand verswak het) hoedat Oenone die oorspronklike toneel van die waghondjies by die Uniegebou op Pretoria herleef het. Dit is net soos die hondjies gemaak het. Hulle het op die baadjie van die opsigter by die gebou gelê en toe Celliers daar verby loop, het hulle hom ewe parmantig probeer voorkeer, vol vertroue omdat hulle geweet het dat hulle ma ook daarby is.

Na 'n genoeglike program van voordrag, sang, musiek, pannekoek, gemmerbier en ander lekkernye het die veelbegeerde oomblik

Hier is 'n Afrikaner wat werd is om te ondersteun..

**D. J. van Ryneveld**

**MARKSTRAAT KRUGERSDORP**

Dames, 'n mooi kans vir julle:

**PRAGTIGE WINTERKLERE in die Allernuutste Patrone nou uitgepak!**

Kom kyk en oortuig julle self!

Kom sien ons eers vir

- HUISE,
- PLASE of
- LENINGS

**VICTOR HUGO**

(PTY.) LTD.

**Humanstraat KRUGERSDORP**

**G. NORTON**

BAKKER

**OCKERSESTRAAT 39**

**KRUGERSDORP**

vir

**BRUIDSKOEKE EN ALLE ANDER SOORTE VERSIERDE OF SPESIALE KOEKE**

FOON 146

**THE CORNER SHOP**

**33, COMMISSIONER STREET**

**KRUGERSDORP**

'Phone 356 P.O. Box 221

For....

**BUILDING MATERIALS, PAINTS, GLASS, TOOLS, GENERAL HARDWARE and GROCERIES.**

**ALLE SOORTE SKOOLKLERE**

Swart en Bruin Gimkouse

Donkerblou Gimkostume

Strooi- en Panamahoede

Donkerblou Sportbaadjies, ens. ens.

Van alle groottes en teen Redelike Pryse.

**U Eie Keuse kan op Sig gestuur word.**

**SOWDENS**

**SOWDEN EN STODDART, LTD.**

**KRUGERSDORP**

Posbus 174 Foon 134

**Maak Gedurige Hoofpyn U Lewe Ellendig?**

AS DIT SO IS, WORD U ERNSTIG AANGERAAI OM

**U Oë te Laat Ondersoek,**

want u ly heelwaarskynlik aan ooreiste of verswakte oë. ONS DESKUNDIGE GENEESKUNDIGE DIENS sal u in staat stel om agter die waarheid te kom, en as 'n bril nodig is, die korrekte lensglas verskaf. Kom sien ons en maak seker.

**E. J. ADCOCK, LTD.**

HARRY I. SOLOMON

M.P.S., F.B.O.A., F.S.M.C., F.I.O., F.O.A.

**Ockersestraat 47 Krugersdorp**

gekom wanneer Jan Celliers self die woord sou neem. Hartlik is hy toegejuig toe hy opstaan om te praat. Hy het begin deur te sê dat hy nie bang is om te sê wat op sy hart lê en wat die bestaan van sy volk raak nie. Hy is oud en hulle kan hom maar gerus gaan opsluit. Soiets sou hom nie afskrik nie. Nasionale gevoel kan nie onderdruk word nie. Die lot van die klippe van Paardekraal bewys dit. In 'n gedig, sê hy, het hy Milner destyds gewaarsku om nie die klippe te verwyder nie, want die verwydering van die klippe sou die gees van Paardekraal net maar aanwakker. Die geskiedenis het getoon dat hy reg was.

In hierdie kort toesprakie, 'n verslag waarvan in „Die Transvaler" verskyn het, het Jan Celliers vir die laaste keer voor die publiek verskyn en het hy vir die laaste keer tot sy volk gespreek. Sy laaste woorde het getuig van warme en opregte vaderlandsliefde. 'n Paar maande later en hierdie stoere kampvegter vir die Afrikaanse taal, die Afrikaanse tradisies en die Afrikaanse volksbestaan sou nie meer daar wees nie.

Op die Sondagoggend na hierdie vergadering het ek weer die geleentheid gehad om verder met Celliers te gesels. Daar was een ding wat ek baie graag met hom wou bespreek. Ek was nl. destyds besig met 'n M.A.-verhandeling oor die Latynse digter Horatius en was baie getref deur die ooreenkoms tussen Celliers en hierdie Latynse digter. Celliers het my egter verseker dat hy maar 'n gebrekkige kennis van Latyn het en dat die digter Horatius gladnie eers aan hom bekend is nie. Nietemin het ons lekker oor Latyn gesels, want Celliers het nog 'n hele aantal dubbelsinnighede uit Latyn onthou (hy sê dat hy dit as deel van studente-pret gememoriseer het) en hy wou kyk of hy my met hierdie sinnetjies kon vastrek.

In die namiddag het ek hom na Pretoria teruggebring. Langs die pad het hy voortdurend aan die praat gebly. Daar was een ding wat teen hierdie tyd vir my baie duidelik was en dit is dat Celliers in sy herinnering en gedagtes nog baie na aan die historiese worstelstryd van die Afrikaner staan. Die een oorlogsherinnering na die ander het hy langs die pad gesit en vertel en wanneer 'n koppie of bult wat in die verte sigbaar is en herinneringe van die oorspronklike strydtoneel soos hy dit self in hierdie streke deurleef het, by hom aanwakker, dan leef sy entoesiasme weereens op en vertel hy die een anekdote na die ander.

Op Pretoria het ons hom afgesit by die huis van sy broer, dr. Celliers. Kort daarna sou hy vertrek na die Kaap. Sy belofte was om nog eendag weer na Krugersdorp terug te keer, want hy het die uitstappie, soos hy sê, tog te baie geniet. Na sy dood het sy dogter, mev. Stegmann van Johannesburg, my vertel dat hy meer as een keer aan hulle gesê het dat hy tog so graag weer aan Krugersdorp 'n besoek wil bring, want mnr. Boshoff-hulle was vir hom so vriendelik en het die tydjie wat hy daar was, vir hom so aangenaam gemaak.

Hierdie begeerte van Celliers sou nie vervul word nie.

# SO IS 'N GENERASIE DAARMEE HEEN

Deur L. TÖNSING.

In 'n lang, haas eindelose ry sien ons hulle weer voor ons verbygaan: ou Gawie met sy Tjor-tjor, die rykdom van die arm man; Uil met sy skerp oë en siniese opmerkings; Hoefies met haar groot wilskonsentrasie en deeglike grammatika; Regstap en Wegstap, altyd ewe onafskeidbaar aan mekaar verbonde en tog so'n onmoontlike tweeling; Stokkies met wat hy al is en nog gaan word en, ja, veral Roes! — Roes en die aller-splinternuutste moeilikheid waarin 'n mens nou ook maar net kan beland sal vir ons altyd 'n liewe ou bekende bly.

En so gaan dit verder — 'n lang kronkelende slang van mense, so lank dat ons die end nie kan sien nie, en almal so'n hegte deel van onsself dat ons hulle nooit kan vergeet nie. Sommige van hulle was net vir 'n kort tydjie saam met ons gewees, maar soos ons enkele skietsterre weens die mooiheid van die aand onthou, so sorg die petaljes wat ons met hulle gehad het, dat ons hulle nie sal vergeet nie. Andere weer was sulke ipso facto instellings dat Monument sonder hulle vir ons nie meer Monument kan wees nie.

En met die persone gaan die gebeurte-

# DIE POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEITSKOLLEGE

**vir CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS.**



Hoofgebou.


*Opleiding vir Grade en Diplomas in: Lettere en Wysbegeerte, Sosiale Wetenskap en Maatskaplike Werk,*

*Wis- en Natuurkunde, Opvoedkunde, Teologie, Handel en Administrasie.*

Besonderhede oor Kursusse, Kollegegelde, Beurse en Losies word op aanvraag verstrek deur:

**MODERNE LABORATORIA . . . . . . .**
**GERIEFLIKE LOSIESHUISE . . . . . . .**
**RUIM SPORTTERREIN . . . . . . .**
**SKILDERAGTIGE OMGEWING . . . . . .**

**DIE REGISTRATEUR,**
**P.U.K. vir C.H.O.,**
***POTCHEFSTROOM.***



*Mnr. W. R. Riemersma, eerste (waarnemende) Hoof van die Monument-hoërskool.*

nisse weer voor ons verby — klein onbelangrike en geïsoleerde gebeurtenisse en tog almal so volmaak dat hulle vir ons vanselfsprekend is. Want wie sal ooit die heuglike dag vergeet toe ou Nelhel die lys van die omgedraaide tafel heen en weer pluk om die beteuterde laai oop te kry? Natuurlik het hy die tafel van die platformrand afgestamp sodat die by voorbaat geopende inkpotte rooi en blou landkaarte op die register geteken het. Ja, ou Nelhel met die eienaardige gewoonte om op die klavier te gaan sit sal vir menigeen 'n herinneringsvreugde bied! Al menigkeer het ek gewonder of dit nou wel massasuggestie of maar net blote noodlot was dat die ou nou juis die basnote as sitplek moes uitsoek op die dag toe ons die klavier oopgemaak het.

Maar by alle sonskynherinneringe bly die reëndae ook onvergeetlik! Wat was my smart tog groot toe Papa, in plaas van volgens gewoonte die handtas weer 'n slag oop te maak, die tas met ou Roes se muis nog netso daarin saampiekel stafkamer-toe! En ek wou dan so graag naam gemaak het en daarby het dit ook nog ál my moed gekos om die meisies se uitdaging te aanvaar! Maar daar gaan Papa met die muis en ek sit in die sop, want Roes sweer dat sy Boetie die muis vanmiddag *moet* hê, of so nie is daar moeilikheid! Dit was net maar omdat ek vir Roes die bangste was dat ek dit gewaag het om op 'n onbewaakte oomblik die leë stafkamer te betree en die betrokke tas te deursnuffel. Want op een of ander manier sou ek wel daarin slaag om weer in Papa se goeie boekies te kom, terwyl met Roes se vriendskap my bestaansreg op die gronde gemoeid was.

En bo dit alles en tog onafskeidbare deel van dit alles was ou Schoeies vandag soos hy gister was en môre sal wees — 'n aansporing en 'n leier vir die getroue en 'n bron van groot vrees vir die knoeier.

Maar dit alles, en nog baie meer — eenen-twintig jaar daarvan — is nou verby. En tog ook weer nie verby nie, want dit het mense gemaak en lewe gebaar. Elke deeltjie daarvan was 'n bousteen aan die volk: 'n draagkrag vir die toekoms.

Want soos dit die werk van die monument is om te sorg dat ons moed nie geringer sal wees as dié van die helde van die voorgeslag nie, netso wil ook hierdie jaar ons aanspoor om in die toekoms beter te dien as tot dusver. Herdenkingsfeeste sou slegs 'n geringe waarde gehad het as hulle ons uitsluitlik net aan ons verlede herinner. Ons wil daarom ons feesviering van vanjaar daartoe laat dien om die kragte wat die verlede gevorm het, ook vir die toekoms bruikbaar te maak. Die waardes wat die lewens van hul voorgangers ryk en sterk gemaak het, moet vir die opvolgers behoue bly!

# DIE STAF: HEDE EN VERLEDE

Mnr. W. R. Riemersma (tyd); mnr. J. B. Kachelhoffer (tyd); mnr. L. J. du Plessis (tyd); mnr. M. L. Brink, B.A. (vas); dr. M. J. Kok (vas); mnr. P. W. S. Schumann, M.A. (vas); mnr. C. G. Rossouw, B.A. (vas); mnr. J. Grundlingh (tyd); mnr. D. F. du Plessis, B.A., LL.B. (vas); mej. Collier (tyd); dr. O. H. Bornebusch, B.A. (vas); mnr. Wichers (tyd); mej. M. de Villiers (tyd); mej. J. Grundlingh, B.A. (tyd); mnr. Carel Potgieter (tyd); mnr. I. van Rooy, B.A. (vas); mnr. M. J. Gregory, M.A. (vas); mnr. D. J. J. Mostert, B.A. (vas); mnr. Max Schulze, B.Sc. (tyd); mnr. M. Basson, B.A. (tyd); mev. Whitfield (tyd); mnr. D. Hugo, B.Sc. (tyd); mnr. L. Rautenbach, B.A., B.Econ. (tyd); mnr. P. F. Wessels, B.A. (vas); mnr. G. F. G. Prigge, B.A. (vas); mnr. L. v. d. Heever, B.A. (vas); mej. F. Beddy (tyd); mnr. J. D. Beyers, M.Sc. (tyd); mej. A. Hufnagel (vas); mnr. J. A. Fourie (tyd); mnr. A. K. Bresler, B.Sc. (tyd); mnr. J. W. Behr, M.A. (tyd); mej. M. Stander, B.A. (vas); mnr. H. R. Lemmer (tyd); mnr. C. J. Nel (tyd); mev. G. Eckard (deeltyds); mnr. S. M. N. Bronn, B.A. (vas); mnr. D. L. du Plessis, B.A. (tyd); mnr. A. Pelser (tyd); mnr. Nielsen (tyd); mnr. P. v. d. Westhuizen (tyd); mnr. H. J. A. du Plessis, B.A. (tyd); mnr. J. W. Lange, B.Sc. (vas); mnr. J. H. van Dyk, M.A., M.Ed. (vas); dr. J. J. Pieterse, M.A., M.Ed. (vas); mej. B. Oakes, B.A. (tyd); mnr. M. C. Myburgh, B.Sc. (vas); mej. M. Louw (deeltyds); mej. E. O. de Clerq, M.A., B.Ed. (vas); mej. F. Symons, B.Sc. (tyd); mej. M. A. Burger (tyd); mnr. P. J. van Heerden, B.A. (tyd); dr. P. W. v. d. Merwe, M.Sc.

AFRIKANERS: Kom geniet egte Afrikaanse Bediening in Mev. Venter se Kafee

**LUANA RESTAURANT**

**RUSTENBURGWEG 78**
**KRUGERSDORP-WES**

Foon 887.

**Curing Piles Without Surgery!**

ITCHING, BLEEDING, PROTUDING, BLIND AND INTERNAL PILES.

**Safe Reliable, Efficient, Private Home Treatment. Write**

**KUR-U REMEDIES**

**P.O. Box 42 Krugersdorp**

ENGAGEMENT AND WEDDING RINGS

**PRACTICAL WATCH-MAKER AND JEWELLER**

(A. L. Hirschson, Proprietor)

**39, Ockerse Street Krugersdorp**
Telephone 865

**Stockists of: Omega, Buren, Elgin and Cyma Watches, Cut Glassware, Cutlery and Fancy Goods.**

**GREATERMANS**

vir

**MANS- EN SEUNS-**

**„MONATIC"-**

**HEMDE & -SLAAPKLERE**

**ATLAS FILLING STATION**

(C. C. WARDEN)

**Hoek van MONUMENT. EN BURGERSTRAAT**

Vir Beleefde en Doeltreffende DIENS.

**Laat u Motor hier Skoonmaak deur die Modernste Masjinerie.**

Ons beskik oor 'n goed toegeruste werkswinkel en doen herstelwerk aan alle soorte Motors en Vragmotors.

**CENTRAL NEWS AGENCY, LTD.**

**KRUGERSDORP**

Boeke, Koerante, Tydskrifte, Skryfbehoeftes e nAfrikaanse Romans en Speurverhale.

Cndersteun Ons

Adverteerders

(vas); Mnr. J. C. Mahne, M.A. (vas); mnr. N. J. J. Bornman, B.A. (vas); mnr. C. G. Snyman, B.A., M.Ed. (vas); mnr. L. Wildenboer, B.Sc. (vas); mej. M. Kloppers, B.A. (vas); mnr. P. Breedt (tyd); mej. I. Joubert, B.A. (vas); mnr. B. Burger, M.A. (vas); mnr. M. Serfontein (deeltyds); mej. Julia Tichauer (deeltyds); mej. J. J. Vermeulen (vas); mnr. S. A. Reyneke (vas); mnr. L. Tönsing (tyd); mnr. P. Naudé M.A. (tyd); mej. J. Viljoen, B.A. (tyd); mnr. S. Naudé, B.A. (tyd).

# Die Geskiedenis van Rugby aan ons Skool

Deur MNRE. M. L. BRINK, P.F. WESSELS EN J. W. LANGE.

Gedurende die tweede kwartaal van 1921 het mnr. M. L. Brink 'n vergadering van die seuns van die skool belê, omdat hulle reeds by hom begin aandring het om voetbal te mag speel. Op die vergadering blyk dit toe dat daar 'n hele misverstand was. Die seuns was naamlik onder die indruk dat dit **sokker** was wat hulle sou speel, terwyl mnr. Brink beslis was daarmee dat daar alleen **rugby** gespeel sou word. Die seuns wis natuurlik nie wat rugby was nie. Mnr. Brink het egter sy wil deurgevoer, en so het die skool se voetbal-klub tot stand gekom. Onnodig om te sê dat niemand, nadat hy uitgevind het wat rugby werklik was, ooit weer na sokker terug verlang het nie.

Die seuns het toe begin oefen. 'n Soort van 'n veld was daar wel op die Wanderers, maar wat jammerlik ontbreek het was voetbalskoene. Maar dit het die entoesiasme van die seuns nie gedoof nie. Dis spoedig gevind dat 'n kaalvoet net so doelmatig as 'n gestewelde voet is. Selfs diegene wat die oefeninge of wedstryde met stewels begin het, het dit dikwels gedurende die pouse uitgeskop om sodoende die agterstand wat deur die ekstra gewig aan die voete teweeggebring word, te oorkom. Toeskouers van daardie dae kan vandag nog met veel genot vertel hoedat Sarel v. d. Berg, die kranige Transvaalse speler van later, 'n voetbal met 'n kaalvoet kon plak!

Dit was die gebruik om die kennisgewings op die uithangbord altyd van rympies te voorsien — dit het gedien as 'n addisionele stimulus vir die strydlustige spelers.

Dit is heeltemal te begryp dat waar soveel entoesiasme geheers het, sukses nie lank kon wegbly nie. Reeds in 1924 vind ons dat die span van daardie jaar die volgende prestasie behaal in die Randse liga-kompetisie: gespeel, 14 wedstryde; gewen, 14 wedstryde; punte behaal, 116; punte teen, 7. Nooit het die teenstander Monument se doellyn oorgegaan nie, want die 7 punte wat teen hulle aangeteken is, is deur skoppe behaal. Die kaptein van hierdie knap span was P. Toerien.

In die begin van 1925 is die administrasie van die voetbal deur mnr. P. Wessels oorgeneem. Dit was 'n moeilike taak. Daar was net die een voetbalveld, nl. die een op die Wanderers-terrein, op die plek waar vandag die sierlike krieketbaan van die dorp aangelê is. Dit was 'n gewone harde grondveld wat met reëntye somaar duidelik smerig kon word. Op hierdie veld moes daar soveel as dertien spanne speel, nl. vyf van Monument, vyf van die Engelse Hoërskool en drie van die dorp. Dit was 'n moeilike taak.

Destyds het die skool deelgeneem aan die plaaslike onder-14 en onder 15-kompetisies en aan twee kompetisies tussen Randse hoërskole. Die kompetisie tussen die hoërskole het bestaan uit 'n A-liga vir leerlinge bo 17 jaar en 'n B-liga vir leerlinge onder 17 jaar. In 1925 het ons die hoërskool-kompetisie gewen en ook die skild vir die onder 17-kompetisie verower. Die kaptein van die onder 17-span was A. (Proppie) Delport.

Die volgende jaar het ons die munisipaliteit genader en die reg verkry om 'n voetbalveld vir die Randse junior-spanne op 'n stuk grond onderkant die plaaslike wassery aan te lê. Dit was ook maar 'n blote en daarby baie oneffe veld met niks meer as voetbalpale daarop nie. Dit was net so ongelyk as wat dit vandag nog is, die ope plein daar langs die spruit. Hier het ons baie wedstryde gespeel totdat oom Charlie Warden se seun Pat daar weens die ruheid van die veld sy lewe verloor het.

Owerigens was die jaar 1926 vir ons 'n baie suksesvolle jaar. Ons het beide die A-liga en die uitval-kompetisie van die Rand gewen. Die kaptein was J. Prinsloo (Gras-

# PROGRAM VAN FEESVIERING

## (4 TOT 7 MAART 1942)

**WOENSDAGAAND 4 Maart, 8—11 nm.:**

Volkspele in die skoolsaal. Toegang 1/-. Verversings word deur die Leerlingraad verkoop.

**DONDERDAGAAND 5 Maart, 8 nm.:**

Konsert in die Stadhuis, vir kinders alleen. Toegang 6d.

**VRYDAGAAND 6 Maart, 8 nm.:**

Konsert in die Stadhuis, vir volwassenes. Toegang 2/-. Sy Edele genl. J. J. Pienaar, Administrateur van Transvaal, is teenwoordig en rig 'n kort woord tot die gehoor.

**SATERDAG 7 Maart:**

VOORMIDDAG.

**8.00 vm.:** Môremark en basaar. Die basaar hou aan tot die aand.

**10.00 vm.:** Formele opening van die basaar deur mnr. M. H. O. Kloppers, voorsitter van die Beherende Liggaam, en 'n kort toespraak deur mnr. A. H. H. Kreft, Direkteur van Onderwys. Musiek deur mnr. G. Marx op die Hammond-orrel.

NAMIDDAG.

**1—2.30 nm.:** Koue ete in die basaartent, 1/6.

**2—5.30 nm.:** Boeresport — toutrek, jukskei, skyfskiet, ens.

AAND.

**6.00 nm.:** Braaivleisaand begin.

**8.00 nm.:** Liggaamsoefeningevertoning, seuns en meisies.

**8.30 nm.:** Volkspelevertoning.

**8.45 nm.:** Toesprake deur mnr. W. T. Hurter, Inspekteur van Onderwys, en mnr. P. W. S. Schumann, vroeëre Hoof van die Skool.

**9.15 nm.:** Volkspele vir die publiek, begelei op die Hammond-orrel deur mnr. G. Marx.

**Al die verrigtings van die middag en die aand word opgeluister deur musiek op die Hammond-orrel deur mnr. G. Marx.**

sie). In dieselfde jaar het ons ook aan 'n sewe-aan-'n-kant-kompetisie tussen die Randse hoërskole en die Afrikaanse Hoërskool van Pretoria deelgeneem. Ons het die kompetisie vir die eerste spanne gewen en tweede gekom in die tweedespan-kompetisie. Dit was die enigste kompetisie van hierdie soort wat ooit op die Rand gehou is. In hierdie jaar het ons egter 'n paar mooi bekertjies huis-toe gebring.

In 1931 het daar 'n groot verandering in die voetbal-wêreld van die Wes-Rand ingetree. 'n Paar voetbal-entoesiaste met mnr. S. N. Cronjé aan die spits, het besluit om 'n voetbal-subunie te stig. Die munisipaliteit wou destyds nog niks vir voetbal doen nie. Daar is toe met die Wesrand-myn gereël dat 'n voetbalveld vir die sub-unie op die myngrond aangelê sou word. Die skoolspanne het toe ook hulle wedstryde daar gespeel, maar die oefeninge moes op die ou grondveld by die Wanderers plaasvind.

In 1928 het die sub-unie van die Johannesburgse skole onder leiding van mnr. Jones van die Kommersiële Hoërskool 'n unieke kompetisie gehou: Gekombineerde spanne van die Transvaal, die O.V.S. en Natal het hieraan deelgeneem. Die finale wedstryd in hierdie kompetisie is tussen Transvaal en Vrystaat afgespeel as die voorspel tot die groot wedstryd Transvaal vs. All Blacks op Johannesburg. Die Transvaalse span het die inter-provinsiale skoolwedstryd gewen. Ons skool het twee spelers in hierdie span gehad, nl. Carel Wessels en Theunis Snyman.

In daardie dae was hier aan die Rand ook nog 'n inter-hoërskool-onder-16-kompetisie. Dit is gespeel tussen gekombineerde spanne van Wes-, Sentraal- en Oos-Rand. In 1926 het die Wesrandspan die beker gewen. Ons het agt spelers in hierdie span gehad. Die kaptein was S. de Swardt van Monument.

Interessant is dit om te weet dat ons destyds reeds vir J. Lotz, die latere beroemde Springbok-hakker, gekies het as hakker van die Wesrand-onder-16-span. Hy was egter nie 'n leerling van ons skool nie.

In 1931 is ook begin met 'n oud-studentespan. Mnr. Schumann was die ere-president, mnr. Brink die voorsitter en Sarel v. d. Berg die kaptein van die eerste-span. Danie van Ryneveld is as sekretaris gekies. Somaar in die eerste jaar het die span die kompetisie in die A-liga gewen. Van 1932 tot 1934 was Baltus Vermeulen en van 1935 tot 1942 is G. J. Coetzee sekretaris van die oud-studenteklub. Vanaf 1935 is mnr. P. Wessels voorsitter. Die span het reeds die volgende kompetisies gewen: A-liga, 1936; B-liga (uitval); 1937; B-liga (uitval), 1938; A- en B-liga, 1939. Gedurende hierdie jare van oorwinning het die eerste span onder die bekwame leiding van Jannie Muller gestaan, terwyl G. Coetzee nog steeds die entoesiastiese sekretaris van die klub is.

In 1936 is die leiding van skoolvoetbal deur mnr. J. W. Lange oorgeneem. Reeds is toe 'n aanvang gemaak met die uitlê van die nuwe voetbalveld op die terrein van die nuwe Monument-hoërskool. Mnr. Schumann het hom baie beywer vir hierdie onderneming wat veel geld gekos het, want om die veld gelyk te kry moes groot hoeveelhede springstof gebruik word om die onderste punt van die heuweltjie weg te blaas. Die oud-studente-klub het hartlik saamgewerk en het ook hulle deel bygedra. Voorlopig moes die oefeninge nog op die ou veld plaasvind.

In hierdie selfde jaar is die bruin voetbaljersey vervang deur die wit jersey met die wapen.

Intussen word fluks voortgewerk aan die nuwe voetbalveld. Die koshuisseuns werk in die middae, oom Willie Viljoen gee sy lorrie, gras word aangeplant en in 1937 kon die spanne vir die eerste keer op die mooi grasveld begin speel.

In hierdie jaar skrywe ons vir die eerste keer weer vir die kompetisie om die Administrateursbeker in nadat ons 'n paar jaar nie deelgeneem het nie. Die volgende jaar verloor ons teen die wenners van die beker met 3 punte teen 4 en in 1939 kom ons gevaarlik na aan die beker toe ons ons weg deurveg tot in die finale wedstryd teen die Hoër Volkskool van Potchefstroom wat ons, in 'n wedstryd van 20 minute aan 'n kant, die loef afgesteek het.

In 1940 en 1941 was ons minder suksesvol in die kompetisie om die Administrateursbeker. Omdat ons vroeg uitgeval het, het ons ons verder maar meer op vriendskaplike wedstryde teen ander hoërskole toegelê. Hierdie wedstryde was dan ook baie aangenaam. Die leerlinge het veral die uitstappies na ander skole, soos bv. na Zeerust, Rustenburg en ander plekke baie geniet.

Gedurende 'n paar jaar, van 1936 tot 1938, het ons ook van ons spanne ingeskrywe vir

die plaaslike liga-wedstryde onder die Wes-Randse sub-unie. Hierdie deelname is egter gestaak.

Ook ons junior-skoolspanne het mooi gepresteer. Hulle het alreeds 'n paar mooi bekers ingesamel.

In 1940 is 'n A- en B-liga sonder beker-kompetisies in die lewe geroep. Deur die eliminasie van bekers is die peil van die voetbal aan die Wes-Rand beslis verhoog. In sowel 1940 as 1941 het ons eerste span die kroon gespan in hierdie wedstryde.

Vanaf 1940 is mnr. J. C. Mahne ook behulpsaam met die afrigting van voetbal.

# STEMME UIT DIE VERLEDE

## Verlief

*'n Snaakse soort van blygevoel*
*Bly aldeur binne in my woel;*
*Dit voel vertroulik, angstig goed,*
*Dit beur my op, dit gee my moed.*

*En tog voel daar hierbinne my*
*'n Ander iets so bangerig bly.*
*Dis ongemaklik, ek voel skaam,*
*Ek vra my af „sou dit betaam?"*

*Dis van gisteraand af, ek onthou*
*Toe ek haar hand in myne vou,*
*En sy so skelm-verleë lag —*
*Toe voel ek stom en sonder krag.*

*Nou voel ek man, maar o, so bang,*
*Hoe wonderlik was ek gevang!*
*Dis snaaks! Hoe sou so iets ontstaan?*
*Is 't willekeurig of spontaan?*

M. H. O. KLOPPERS, 1928.

---

## Hillclimb at Mulders Drift

Mulders Drift is said to be the worst hill in Transvaal for there are dangerous hair-pin bends. While the race was taking place boys were walking about and selling ice cream. There were also two refreshment tents. Thousands of people picnicked on the hill to watch different drives and finishes.

The start was delayed by the Permanent Horse Artillery on their way to Roberts Heights. The first run was made at twenty-five minutes past ten.

All records for climbing the hill were broken by R. Clark, who breasted the hill in one minute, sixteen and one-fifth seconds. R. Clark broke the record with a little Salmson car. The previous record was established by "Paddy" Adair in a Vauxhall car who breasted the hill in one minute, seventeen seconds.

The only accident that happened was that of an Alvis car which overturned. At the last hair-pin bend the car skidded and overturned with Mrs. Bensusan who was the driver of the car. Mrs. Bensusan rolled out of the car while many people shrieked in their excitement. She was unhurt and the car, not in the least damaged, with the exception of a punctured tyre, was driven up the hill by Dr. Bensusan.

Between four and five o'clock the hill-climbing stopped and the people went to their homes.

L. VAN RENSBURG, 1928.

---

## Die Koshuisdoop

[Noudat in die koshuise van die Monument-hoërskool dopery iets van die verlede is, is dit interessant om terug te kyk na die dae toe die gevreesde doop nog die nagmerrie van elke groentjie was.—Red.]

In die verlede was die dopery nog altyd 'n mylpaal in die koshuis se geskiedenis van die jaar. Aan die begin van die jaar het elkeen uitgesien na die dag, sommige met verlange, maar ander weer met bonsende harte — meeste nog maar hartjies. Die laaste was die lot van die nuwelinge, want eers nadat hulle gedoop is, kon hulle as lede van die koshuis beskou word en as sulks behandel word.

Soos gewoonlik het die jaarlikse doop plaasgevind in die eerste helfte van die eerste kwartaal. Net al die ou kosgangers het versamel in die studeersaal waar hulle 'n Doopkomitee gekies het. Die komitee was verantwoordelik vir die algemene reëling van die doop.

Nadat die komitee 'n sekretaris en 'n voorsitter gekies het, het hulle oorgegaan tot die

opstel van 'n program vir die doop. Die huisvader het die program goedgekeur, en daarop volg toe die kennisgewing aan die nuwelinge waarin hulle in kennis gestel word wanneer die doop sal plaasvind en watter voorbereidsels hulle moet maak. Onder andere moes elkeen 'n briefie rig aan die doopkomitee, waarin hy versoek om gedoop te word, sodat hy lid van die koshuis mag wees. Saam met die briefie moes hy dan 'n 6d. stuur vir die doopgeld.

Hieronder volg een van die briefies:

„Geagte Doopkomitee,—Ek versoek julle om my te doop en so 'n lid van die Monumentkoshuis te maak.

Ek sal baie bly wees as julle my versoek gehoorsaam is.

Ek stuur julle die koste, nl. 'n 6d. om my te laat doop.

Ek bly, en is gewoonlik verkrybaar in nommer 11 kamer.

Ek dank u van vooraf.—G. J."

Vrydagmiddag moes hulle sorg dat hulle trekgoed vir die volgende dag reg was.

Na studie die aand moes al die nuwelinge bymekaar kom in een van die kamers om te leer sing: „There will always be a Monument". Of hulle dit geken het of nie, almal moes sing. Maar die span wou hulle nie goed gedra nie, en toe word almal se hande met 'n sterk lyn vasgebind. Van een punt af moes hulle begin grappe vertel, en bewaar die een wat sou gelag het. Die grappe was mos vir die base!

Elke nuweling het 'n baas gekry, en hy word beveel om die nag voor sy baas se bed op die vloer te slaap. Hy was egter nog nie lank in droomland nie, of hulle sleep hom aan sy toon by die deur uit. Praat nie van die rumoer nie. Skielik berispe een hom omdat hy so raas, maak die lyn los en stuur hom bed-toe. Die snikke word al minder totdat die kêrel weg voor is .

Vyfuur die volgende oggend word die span opgeja. Kosgangers moet leer om nie so laat te slaap nie!

Na ete word hulle gestuur om hul doopklere te gaan aantrek. Hoe verspot was die drag tog nie! Almal moes papierkeppe op hê.

Voordat hulle deur die doop kon gaan moes hulle eers effens swart gesmeer word. Deur 'n ry seuns met handdoeke word hulle nou gestuur, en elkeen kry 'n hou of twee. Dit was maar net om hulle fluks te maak vir die wa trek. Die span was nou in hul eienaardige drag, en het die doopkomitee deur die dorp getrek. 'n Spesiale drywer, net so verspot gekleed, het ook nie ontbreek nie. 'n Man het vir hulle 'n pak lekkers gegee, 'n ander weer appels.

Toe die base genoeg gery het volg eers die eintlike doop. Almal word in een kamer soos skape ingeja. Daar word een-vir-een geblinddoek, in 'n aangrensende kamer eers 'n bietjie laat slaap, en toe gedra na die badtoe. Hy word onder die water gedruk, vir 'n rukkie onder gehou, en toe moes hy sy bynaam skree. Natuurlik was hy al teen die tyd honger, en elkeen kry 'n handvol gemengde kos, skoon en voedsaam, bestaande uit uie, wortels en ertappels, fyngemaak.

Op 'n kas moes hy dit nou opeet, word dan bo van die kas afgegooi met emmers water, en gestuur om hom te gaan was en aantrek. Nog twee weke lank moes elke groentjie 'n groen strikkie dra, en as hy êrens heen gaan moes hy 'n pas dra. Hy moes sy baas getrou dien, boeke skool-toe dra, bed opmaak, ens. Nadat die groentjietyd oor was, het hulle 'n vrybrief ontvang en was hulle lede van die koshuis. Hul ernstige versoek was uiteindelik vervul.

C. VAN DER WESTHUIZEN, 1928

---

## Nederlands op Onze Scholen

Van die hand van die Redaksie lees ons in die uitgawe van 1929 die volgende ter bepleiting van die behoud en stelselmatige studie van Nederlands op ons skole, asmede van die plasing van Nederlandse stukke in ons hoërskoolblaaie.

„Van verschillende kanten wordt geklaagd dat 't Nederlands op onze hogere scholen op geen al te hoge peil staat. Vooral hoort men dikwels aanmerkingen maken over het feit dat onze schoolbladen, de publikatiën van welke men 'n weerkaatsing van 't schoolleven verwacht, wel stukken in Engels en Duits plaatsen, maar geen plek schijnen te hebben voor de moedertaal van ons Afrikaans.

„Wij hebben derhalve getracht (hun een goed voorbeeld gevende) bijdragen ook in 't Nederlands uit onze leerlingen te krijgen. Van de ingekomen stukken plaatsen wij de hier volgende, een waarvan wij geredigeerd hebben, terwijl de overigen in hun oorspronk-

like vorm (gecertificeerd als authentiek) verschijnen.

„Voor de oningewijde lezer mogen we hier bijvoegen dat van de leerlingen in al de klassen verwacht wordt Nederlandse boeken naast Afrikaanse te lezen, en dat de beide soorten ongeveer gelijkop in getal voor beide delen van het eindeksamen van de Transvaalse middelbare scholen voorgeschreven worden, en dat van deze ten minste één elk jaar 'n drama van Vondel moet zijn."

Van die Nederlandse stukke reproduseer ons hier een, hoewel ons nie in staat was om dit op te spoor of hierdie stuk „geredigeerd" is en of dit sommer „van die werf af gevang" is nie. Dit dra die opskrif „Een Plan Is Een Boerdery."

„Er was eens in een tijd een boer. Hij hadt voor hem een put nabij zijn woning op zijn plaats laat maakt, want de fontein was te vêr, waar se water vandaan gekrijcht hadt van zijn woning.

„Toen de put klaar was, was de oude kêrel in zijn skik. ‚Och' dacht hij nou is al mijn moeilikheden voorbij.

„Op een goeden morgen staat hij op, nam zijn emmer, om water mee te halen. Maar tot zijn groten verbazing hadt zijn put toegevallen. Dadelik schiet hem iets te binnen. ‚Wacht' dacht hij vandag zal een mensch de plaats zien leven. Hij trekt zijn baatje uit, en leg dat langs het ingevalden put neder; ging en kruipt in een bosch achter een boom weg, waar hij op de put kon zienen.

„Zijn vroutje wat in de woning was hem geriep, en krijcht geen antwoord van hem. Zij ging kijk, en daar zien zij zijn baatje bij de put leggen. Zij dacht toen, dat hij in de put toe gevallen was. Zij riep al den mannen op de plaats, om de put te komen oop graven, terwijl hare man hem doodt wil lachen achter de boom.

„De menschen kwam mit graven en pikken en begonnen te graven. Toen hulle amper de put oop gegraven hadt kwam de ou man achter het boompje uit. ‚Wat maakt julle daar' vraagt hij. Almal kijckt de boer aan en zegt: ‚Ocht' ons dacht dat je toe gevallen was.' Neen ik hadt de put vanmorgen zo gekrijcht, ik ging toen maar om mijn kaffers te halen, om de put voor mijn oop te graven. De menschen gooi boos hulle pikken en graven neder, en ging naar hul wonings, terwyl de boer lekker lacht over het grapje wat plaats gevinden hadt."

## Unsere Schule

„Ihr müszt Euch doch schämen, dasz Ihr ein so schlechtes Schulgebäude habt," sagte vor einigen Tagen ein Schüler einer andern Schule zu mir. „Wenn ich Eure Schule mit unserer vergleiche, so ist die unsrige ein Palast, und die Eure ein Schweinestall."

Das war doch etwas zu viel für mich, und mein Freund, — er war nämlich früher mein Freund, — und ich, wir lagen uns plötzlich in den Haaren. Bald lag er oben, bald lag ich unten. Als wir uns trennten, hatte er ein blaues Auge, und ich etwas Nasenbluten.

Aber das Nasenbluten tat mir gut; es machte meinen Kopf klar, und ich sagte zu mir selbst: „Der Kerl hatte doch recht, wenn auch seine Worte nicht gut gewählt waren." Wir müssen uns wirklich unserer Schule schämen, natürlich nur des Gebäudes. Das war nämlich erst ein altes Café, und dann, als sich die Zahl der Schüler immer mehr vergröszerte, wurde immer weiter angebaut, und jetzt....

Ja, es ist wirklich nicht schön, unser Schulgebäude, aber — ein Schweinestall? Das war doch etwas zu viel, und ich war froh, dasz mein früherer Freund jetzt ein blaues Auge hatte. Aber die Regierung hat uns ein neues schönes Gebäude versprochen. Ich bin jetzt in der Matrikklasse. Ich werde das neue Gebäude wohl nicht mehr erleben, aber vielleicht meine Enkel? Na, hoffen wir auf das Beste.


Aber auf das Gebäude kommt es nicht an. Die Hauptsache ist doch der Geist der darin herrscht, und der ist gut. Die Lehrer und Schüler verstehen einander und es herrscht Frohsinn im Unterricht, aber auch Ernst, besonders wenn die Examen vor der Türe stehen. Dann tut ein jeder sein Bestes, um den guten Namen der Schule aufrechtzuhalten.

Aber auch auf geselligem Gebiet leistet unsere Schule viel. Da ist der Debattenverein, und jetzt soll auch noch ein Kunstverein gegründet werden. — Und zwischen den Schülern herrscht Eintracht. Sogar die Mädchen können sich gut vertragen. Deshalb haben sie auch das Mädchenpensionat „Die Harmonie" getauft.

Und diese Eintracht zeigt sich auch im Sport. Ich sehe gerne zu, wenn die Mädchen Korbball spielen, denn einige von ihnen spielen wirklich sehr gut. Auch unter unsern

**DIE EERSTE KLAS, 1921.**

*(Die Seuns-groep, met Duits as keuse-vak).*



*Agter:* Gysbert Fourie, Pieter Fourie, Gilles Smuts, Johannes Mulder, Benjamin Burger, Samuel Dirker.

*Tweede ry:* Mnr. M. L. Brink, Hermanus v. Staden, Theodore Pistorius, Christian Bronkhorst, Jan du Toit, Stephanus du Plessis, Jacobus Theron, Danie van Ryneveld, mnr.M. J. Kok, mnr. W. Riemersma.

*Derde ry:* Andries Mulder, Hermanus v. Wyk, Pieter Grobler, Jeremias v. Heerden, Johannes Pretorius, Hendrik Bezuidenhout, Johannes Wolvaardt, Gerrit Wissink, Douw van Wyk, Mauritz Kloppers.

*Voor:* Edward Ungerer, Johannes Beytel, Eben Lourens, Sarel v. d. Berg, Henning Claassens, Johannes Rousseau, Christian le Roux.

Knaben gibt es einige sehr gute Fuszballspieler, und die Kadetten haben sich ganz besonders durch ihre stramme Haltung ausgezeichnet und sogar einen Becher gewonnen.

Ja es ist doch hauptsächlich der gute Geist welcher die Schule baut, und nicht das Gebäude. Mögen sie unser Schulgebäude auch noch so verspotten — ich werde stets stolz sein auf die Monument-hoërskool!

JAN LIEBENBERG, 1930.

## Vorm V en Geskiedenis

(Waar die skool vandag sy eie boekskema het en sodoende in 'n groot behoefte voorsien, daar is dit interessant om te sien watter probleme die aanskaffing van handboeke in die outyd, toe die leerlinge hulle eie boeke moes verskaf, opgelewer het.—Red.).

In die begin van die jaar het dit gelyk asof iedereen in die nuwe Vorm V by homself besluit het om te leer. Selfs mnr. R. was ywerig. Om dit te bewys wil ek net die volgende staaltjie aanhaal.

„Meneer, met watter land se geskiedenis begin ons vanjaar?" vra ou Mossie ewe nuuskierig.

„Met Frankryk, dogter," kom die antwoord. Die klas begin dadelik murmureer. Ja, dis so en dis so, en selfs ou Paaik met Broer Haas begin protes aan te teken.

„Ja, dogter, ons begin weer met die gespuis wat so gou agteropskop. Sodra hul nie hul reg kry nie murmureer hulle," kom daar weer 'n paar woorde uit mnr. R. se mond.

„Meneer sinspeel tog nie op ons, omdat ons murmureer nie?" vra Be—stêr met al sy wysheid.

„Be-stêr, ek dink jy sinspeel beter as ek," sê mnr. R. Wat Be-stêr gesê het was genoeg om die klas 'n paar minute te laat skater.

Eendag — ek weet nie meer hoe dit gebeur het nie — het ons besluit om vir iedereen 'n „Hazen" te bestel uit Engeland. Die geld word aan Arobed gegee. Mnr. R. help ook. Alles het goed gegaan. Die saak was beklink. Van nou af het ons met Suid-Afrikaanse geskiedenis begin.

Kesie wat verlede jaar so goed in die vak was en nieteenstaande dit alles tweedeklas in Taalbond deurkom — begin weer fluks te werk. Mnr. R. het in sy wyse raad besluit om die politiek van die Voortrekkers in die klas te behandel. Kesie het alles gehoor en die ou siel was hoogs tevrede.

'n Paar dae daarna bring hy, volgens hom, 'n breedvoerige opstel oor die kafferpolitiek uitgewerk na mnr. R. Verrassing en witvoetsoekery was ongetwyfeld sy motiewe daartoe. Mnr. R. vra hom toe watter teksboek hy gebruik het.

„Nee-e-e-e-e! Meneer se-e-e-e-e aantekene wat meneer vir ons voorgelees het," was sy antwoord. Aan sy uiterlike kon 'n mens sien dat hy skaam voel.

Ou Pennies het ou Kesie gevra vir die opstel om dit oor te lees, na mnr. R. 'n volledige studie daarvan gemaak het. Toe ou Pennies dit klaar oorgelees het, het hy heel veragtend gesê: „Ou Kesie, dis genoeg om 'n mens vir 'n naweek uit die skool te laat bly."

Die trane loop uit ou Stokkies se oë soos hy lag. „Wat maak die geleerdheid nie?" was al wat hy kon uitkry.

Die blyde tyding dat die „Hazens" reeds by die poskantoor was, het gekom. Almal het boeke gekry behalwe vier. Natuurlik pak ons nie die skuld op die „Minister van Finansies" en sy „Sekretaresse" Arobed nie. Ons het almal ons oë oopgehou; alles bespreek wat sal gebeur as ons intussen van die goudstandaard aftree; en natuurlik nooit rekening gehou met die feit dat die wisselkoers sal kan verander nie!

JOOS, V, 1932.

## Writing Exams

One reads through the examination paper and decides that one cannot but fail. One ponders over one's sad lot for five minutes.

One finds that one cannot do some of the set questions. Begins with no. 6. Writes a few lines.... stops.... chews one's pen... decides a pen is no good chewing matter.... chews a pencil.... chews a rubber.... thinks.... thinks of something else.... forgets what one has wanted to write.... writes something else.... finds out only ten minutes left.... writes likes —z, and when one comes out, complains that the paper was too long!

L.S., 1936.

# Kultuur

(Hierdie artikel het in 1933 in aanmerking gekom vir 'n redaksionele prys. — Red.)

Kultuur is so 'n omvattende en ingewikkelde saak dat dit haas onmoontlik is om 'n noukeurige definisie daaroor te gee. Die volgende kan egter as doeltreffend beskou word: ,Kultuur is die kennismaking met die beste wat in die wêreld gesê en gedoen is." Gevolglik is die vernaamste middele van kultuur letterkunde en geskiedenis. Die een suggereer wat deur die eeue heen gedink en die ander wat gedoen is.

Wat dan nou van die skilder-, musiek- en beeldhoukuns? Dit is ook maar soorte van letterkunde, die praktiese uitvoering van gedagtes. Net soos die digter sy gedagtes in poësie vertolk, so stel die skilder sy gedagtes in pragtige kleure op 'n doek.

Onwillekeurig kom die vraag nou by ons op: waartoe dien kultuur dan? Alhoewel ons dit miskien nie gemerk het nie, bewys kultuur ons onontbeerlike dienste in ons daaglikse lewe.

Die verskyning van masjinerie op die toneel bewerkstellig 'n onvergelykbare omwenteling en verandering in ons samelewing. Die masjien neem vandag die plek van die mens in, en ons eeu kan onbetwisbaar die eeu van die robot genoem word. En dit is hierin dat die voortreflikheid van kultuur hom openbaar; dit help mee om die meganisme van die huidige eeu te neutraliseer. Vroeër kon 'n mens bv. leer om 'n wa met trekgoed, alles kompleet te maak in drie maande tyd. Wat gebeur vandag egter? Neem as voorbeeld die motorkarfabriek. Elke persoon het sy aangewese stukkie werk, en al word hy nou ook honderd jaar sal hy nooit in staat wees om 'n hele motor te bou nie. Snaaks, hy is dan 'n ekspert in sy werk, maar wat is 'n ekspert, is hy nie iemand wat al hoe meer en meer weet van al hoe minder en minder nie?

Kultuur help ook daartoe om ons van ons obsessies te verlos. Ons volkie is politiekmal. As hy eers kant gekies het, kan die dood hom alleen van mening laat verander. Gebeur so iets met die kultuurmens? Nee! hy kan kalm en besadig nadink en dan volgens sy oortuiging sy besluit neem, m.a.w. hy het 'n gesonde en wye perspektief.

Dieselfde geld in godsdiens. Die meeste sektes het een of ander fyn puntjie waaraan hulle krampagtig vaskleef, en al die redenasies en bewyse van die wêreld sal hulle nie 'n haarbreedte van opinie laat verander nie.

Kultuur dra dus by om ons op emosionele, temperamentele en intellektuele gebied te ontwikkel. Dit stel ons in staat om selfanalise en self-waardering te kan doen. Dit is uitsluitlik alleen die man wat homself deeglik ken wat in die toekoms vaste grond onder sy voete sal hê. Die gewone man sal 'n gedienstige slaaf van die masjien wees.

Kultuur dien dus tot opbouing van karakter — 'n karakter wat onbeïnvloedbaar is teen die afbrekende, vernielsugtige en demoraliserende hoedanighede van buite. 'n Karakter wat sigself en ander opbou en verhef deur gesonde kritiek. Net so is 'n ontwikkelde (kulturele) volk gewaarborg teen die slegte invloede van buite.

C. HENDRIKZ, 1933.

---

# A Pleasant Surprise Amidst Midnight Horrors

It was already night and I was in bed reading an interesting book about murder, robbery and kidnapping. The majestic bells of the town hall struck eleven melodious strokes. I closed the book and turned off the light. My imagination assumed fantastic forms and I was soon in dreamland.

Bang!!! Off went a shot like that of a revolver and its report echoed through the silent night. I awoke and opened my eyes. I felt the rapid beating of a frightened heart.

"What! Burglars! Robbers! Murderers! Kidnappers! A single one or a gang? Money I have none. Will they kill me after they have robbed my dear old football outfit? What am I to do? Where is the cat, the dog, a friend? You have brave detectives, and above all Sherlock Holmes! Will you not come to my assistance in the hour of danger and despair? Why am I so far from Scotland Yard, from Marshall Square? The Police! I will ring them until they all wake up."

I jumped up and peered through the window. There in the obscurity I saw a huddled form beside a small red lamp and I heard a calm voice saying: "I knew that old tyre would burst one day!"

PAUL GROBLER, IIIB, 1937.

# Die Inwyding van die Skool

*In konkreet pryk op Ottoplein geheel,*
*wat voorheen was 'n yle lugkasteel;*
*met plegtigheid het ons hom ingewy,*
*en aller hart was dankbaar, trots en bly.*

Die verrigtings het begin met 'n optog van die Monumentare, met 'n model van die Paardekraal-monument aan die voorpunt op 'n vragmotor. Toe hulle die monument afgehaal het en plegtig neergesit het, het die sprekers voor die gehoor opgetree. Mnr. Kuschke, Direkteur van Onderwys van Transvaal, was eerste aan die woord. Hy het veral op die noodsaaklikheid gewys van samewerking tussen ouer en onderwyser. „Daar bestaan vandag onderwysersverenigings", sê spreker, „en op ander plekke bestaan daar ouerverenigings, maar het ons al 'n onderwysers-ouers-vereniging — iets beter as 'n skoolkommissie?" Spreker wys ook op die kultuurwaarde van die nuwe gebou. Hy beklemtoon die feit dat die Staat nou sy deel gedoen het en dat dit tyd is dat die ouers ook nou inspring.

Onder die ander sprekers het senator Stoffberg 'n groot indruk op die gehoor gemaak. Hy het veral die belange van die plattelandse kinders, wat hy as die kern van die Afrikanerdom beskou, bepleit.

Mnr. Moerdyk, die argitek van die gebou, het sy blydskap uitgespreek dat die Staat nou eindelik begin insien het watter vername rol die omgewing in die opvoeding van elke kind speel. Hy wys op die ongewenste toestand dat nl. die verskillende skole in dorpe en stede heeltemal van mekaar geïsoleer is.

Die ontydige reëns in die namiddag het ongelukkig baie afbreuk gedoen aan die sukses van die kermis wat toe maar in die klaskamers gehou moes word. Nogtans kan die leser uit die staat van die inkomste vir die skoolgronde goed merk hoeveel hartlike samewerking en opoffering daar was ten behoewe van die skool.

L.T., 1935.

# Die Lied van die Jaarbladdigter

Ons skryf opstelle en ons dig;
Ons hou aan — nes oom Bart se jig.

M. ESTERHUIZEN, III C, 1940.

# Ons Eerste Bome Geplant

Boomplantdag vir ons skool het op 1 Februarie geval. Dit was een van die vername gebeurtenisse in die geskiedenis van die skool toe die eerste boom op ons grond geplant is. Dit is 'n teken dat ons vooruit strewe en dat ons ons dit ten doel stel om die skoolgronde en die skool self te verbeter.

Mnr. A. de la Rey wat toegestem het om die eerste boom te plant, het eers in die skoolsaal 'n paar gedagtes uitgespreek oor die nut van bome. Hy het daarop gewys dat volgens die geskiedenis vanaf die tyd van Simon van der Stel baie waarde geheg is aan bomeplant. Bome is nie slegs sierlik nie maar ook nuttig. Vandag nog plant die regering groot plantasies, veral omdat hulle so nuttig is in 'n land wat soos Suid-Afrika maar arm is aan bruikbare bome.

Na sy toespraak is hy na die voetbalterrein vergesel deur mev. ds. Grobler, mnr. C. L. van der Merwe, die Hoof, die lede van Vorm IV en 'n paar oud-leerlinge en ouers wat vir die geleentheid oorgekom het. Mnr. De la Rey het die eerste boom geplant, mev. Grobler die tweede en die 58 leerlinge van Vorm IV elkeen 'n boom. 'n Kaart van die terrein, aan die bo-ent van die voetbalveld, is gemaak. Dit sal in die skool opgehang word en na tien jaar, as ons die skool kom besoek, sal ons elkeen onder sy boompie kan gaan sit.

ELSA SCHUMANN, 1937.

# ME MISERUM

Me miserum. Nescio scribere ut magistro meo placeam, tamen conabor. Sed ignorantia mea contra me est semper. Forsitan nolis legere quod scribo. Ne conatus sis. Ars non datur mihi, nec ego dor arti.

Hi tot praeceptores putant me ineptum. O viros stultos. Sic non me delectat. Quales estis? Nescio. Quid vobis vultis? Prudentiam? Ego non habeo. Mihi nocetis semper.

Mementote accipere melius esse quam facere injuriam. Non dico quod sentio sed quod scio esse verum. Sed quod non creditis me verum dicere mortem mihi minamini. Valete.

H. WALLIS, V, 1938.

# The Ultra-Modern Girl in the Eyes of A Modest Schoolboy

Ugh! How I hate them... these girls of to-day with their fancy ways and faces that are plastered over with lipstick, rouge and heaven knows what not.

How sophisticated they are! They think they are marvellous and always go round looking for some member of the opposite sex, expecting of him to fall madly in love at first sight.

If the poor fellow does not pay any attention to their charms, they gush over him, and smile sweetly, to the best of their ability, whenever their eyes meet.

The poor victim cannot do a thing. Maybe he talks a little to them but, as soon as he can, he escapes from their loathesome company.

Immediately the females hurry to their friends to tell them how utterly charming and romantic he is, and how eager he was to talk to them.

Some again always talk about movie pictures and whenever one meets them they say: "How dew ya' dew? Did ya' see Clark Gable" (or some other star) "in his latest picture? Wasn't he simply gorgeous?", and so forth till one is sick of it.

Some even imitate the stars and say: "Why dontcha come up an' see me sometime?" and adopt all their funny mannerisms.

One can hardly find one real lady amongst them. When one visits them they are always sprawling on an easy chair, with a cigarette between the lips, reading a love story.

When one arrives they bawl, without even looking up, to the native to make some tea, and with a curt "Sit down," commence reading again.

And the clothes they wear! Slacks and shorts, with gaudy handkerchiefs tied over their heads... to keep their hair from coming down, they say, for almost every week they go to the hairdresser to have a "perm," or whatever they may call it.

If by chance they wear a dress, for a change, it usually is only the upper part of what might have been a dress.

They pluck their eyebrows, grow their nails about an inch long, file them sharp and paint them blood-red till, when one sees them, one is constantly reminded of witches.

I sincerely hope that all the world's women are not going to adopt these hateful ways, for I am sure that if they do, they will not be able to marry the husbands they look for so energetically.

JAN V. D. BERG, IV A, 1939.

---

## DIE KLAG VAN 'N ARME DONKIE.

*Ja, skop maar, slaan maar,*
*Met geduld sal ek dit dra;*
*Ja, skop maar, ruk maar,*
*Alles, alles moet ek verdra.*

*Ek is mos maar 'n arme donkie,*
*Ek word mishandel en gemoor,*
*Ek word gery deur elke klonkie—*
*Gooi ek hul af, word ek wreed vermoor.*

*Ek het nie meer tande nie,*
*My lewe's vir my 'n las,*
*Elke winter bly ek van maerte lê—*
*Die koei kry van sak 'n jas.*

*Ja, skel maar, slaan maar,*
*Met geduld sal ek alles dra;*
*Ja, skop maar, ruk maar—*
*Alles, alles moet ek verdra.*

*Ek is mos maar 'n arme dom skolier,*
*Ek word mishandel en gemoor,*
*Ek word geslaan, eers daar dan hier,*
*Praat ek dan word my stem gesmoor.*

*Ek het nie verstand nie, né?*
*My lewe is vir my 'n las,*
*Elke jaar moet ek sak—*
*Die slimmes kry 'n eersteklas.*

*Ja, skop maar, slaan maar,*
*Met geduld sal ek alles dra;*
*Ja, skel maar, ruk maar,*
*Alles, alles sal ek verdra.*

ADAM BARNARD, IV A, 1939.

## DIE EERSTE KLAS, 1921.

*(Die Meisies-groep, saam met die Seuns wat Latyn neem).*



*Agter: Anna Pretorius, Magdalena Conradie, Charlotte de la Rey, Johanna v. Rooyen, Isabella Hartzenberg, Johanna Coetzee Anna Grobler, Hester Rothman.*

*Tweede ry: Jenny v. Rooyen, Anna du Plessis, Nelly v. d. Berg, Maryna v. d. Berg, Salomina Schoeman, Sarie Hartzenberg, Maria v. d. Heever.*

*Derde ry: Mnr. M. L. Brink, Aletta Kruger, Lenie Viljoen, Anna du Toit, mnr. W. Riemersma, Martha Coetzee, Anna Visagie, Desideri Erasmus, mnr. M. J. Kok.*

*Voor: Riemer Riemersma, Piet Bouwer, Louis Fourie, Jan Smuts, Alfred Higgo, Jacobus van der Merwe.*

## Spring!

„Nou, onthou nou: eers met die linker- en dan met die regtervoet. Een, twee, drie, begin! Nee, julle moet hoog spring! Dis reg, Sannie! So ja. Nou doen julle hierdie oefening. Hier hou jy vas aan die stoel en dan spring jy so hoog as wat jy kan!"

Spring, spring, spring! Die hele periode van begin tot end. Soe! Ek is al doodmoeg en wens ek kon 'n bietjie rus, maar nee! Spring, spring, spring! Wat is nou die nut van die gespringery? Dis 'n gespring op Dinsdae die eerste periode en as jy daar klaar is, kry jy so warm dat jy die res van die koue dag geen baadjie nodig het nie. En Vrydae is dit die laaste periode spring. Jy is al moeg van die heel dag se werk en dan moet jy nog spring. O aarde, wat darem te veel is, is te veel!

As ek Maandag geen huiswerk gedoen het nie, kom ek Dinsdag skool-toe met die troos dat ons die eerste periode dril het en dat dit mos nie so noodsaaklik is dat ek dril nie. Dan kan ek mos huiswerk doen!

Dinsdagmôre met die eerste periode se dril breek aan. Nou kan ek gou huiswerk doen. Moenie glo nie! Skielik bulder die stem van die onderwyseres: „Gaan jy dril of nie?" Ek kyk eers verbouereerd rond maar dan sien ek dat sy met my gepraat het: Verskrik kom die antwoord: „Nee Juffrou." „Wel", kom die onheilspellende stem weer, „kan jy jou nie kom verekskuseer nie?" Bibberend en bewend en met al my moed in my skoene, stap ek na die platform en kyk bevreesd op in die gesig van die juffrou wat hier bo my troon. Watter ekskuus kan ek uitdink?

Die slot van die saak is dat ek maar netjies my skoene moet uittrek, sandskoene aantrek en met my kouse afgerol in die wagtende ry meisies gaan staan.

Spring, spring, spring! Gaan die klok nooit vandag lui nie? Maar wat van daardie Afrikaans en Duits wat ek nie gedoen het nie? Nogal twee opstelle! My gesig word by elke sprong langer, want dit beloof om 'n heerlike dag te word. Nogal die tweede periode Afrikaans en dan Duits. Daar is dus geen kans om dit in 'n ander onderwyser se klas of speeltyd te doen nie.

O vader! Daar lui die klok al. Stadig trek ek weer my skoene aan. Ek verwens die onskuldige juffrou en myself vreeslik. Kon ek dan nie 'n ekskuus uitgedink het nie?

En deur die gespringery moet ek 'n ellendige dag op skool deurworstel, met nog die vooruitsig om in die klas nog 'n keer te spring as die meester miskien sy spesiale springapparaat te voorskyn mag haal!

HERMINA DALHUYSEN, IV B, 1939.

---

## Ek droom van . . . . Koffie

Dit is studeertyd. Almal is hard besig met hulle huiswerk. Net een werk nie. Waarom dit juis ek is weet ek nie. 'n Halfuur is al verstreke en nog lê my boeke onaangeroerd.

Daar is 'n opstel wat wag op my.... en ook matesis. Al wil ek ook hoe hard probeer, ek kan niks doen nie.

Ek vat my kladskrif met die hoop om my opstel te maak. Maar nee! In plaas van oor die onderwerp te dink kry ek 'n splinternuwe gedagte. Na studietyd kry ons gewoonlik koffie. Hoe heerlik sal die koffie nie smaak nie!

As ek klaar koffie gedrink het, sal ek mos weer lus hê vir huiswerk. So'n koppie koffie sal darem lekker smaak. Net koffie en.... huiswerk maal deur my kop.

Die stadhuis se horlosie slaan agt harde slae. Nou nog net 'n halfuur. Hoe stadig gaan die tyd tog nie verby nie! Ek probeer enigiets om die tyd om te kry, behalwe.... huiswerk.

Toe ek my weer kry sit ek en teken. Eers word die matrone geteken, daarna die monitore en dan die meisies. Ek moet sê dat ek hulle nogal mooi reggekry het. Dan word die papier rondgestuur vir elkeen om dit te sien. Almal lag hartlik daarvoor.

Min weet hulle dat dieselfde tekenaar nog 'n hele boel huiswerk het. Veral die opstel.

Almal begin boeke regpak en bymekaar sit. Nou weet ek dat studeertyd amper om is. Daar is seker nog net een of twee minute.

Hoe heerlik is dit dat ek nie eers boeke hoef reg te sit nie! Die stadsklok slaan halfnege en ons moet opstaan.

Die deur gaan oop en die matrone kom binne. Almal is doodstil om te hoor wat sy te sê het. Dan, asof dit 'n droom is, hoor ek:

„Meisies, julle kry nie vanaand koffie nie, want die melk het alles suur geword. Gaan nou na julle kamers en sorg dat julle vroeg gaan slaap."

O, wat 'n teleurstelling was dit nie vir my nie! Baie harder sal ek nou moet werk om klaar te kry. Terwyl die ander nog babbel, haas ek my na my kamer toe. Wat in my gedagte was kan 'n mens self raai. Moeilik kon ek onder die woorde wat toe deur my brein gevlieg het, gepastes kry om in 'n opstel te gebruik. My gesig was so suur soos daardie suurmelk self en so lank soos 'n lang leë koffiekan.

H. VAN HEERDEN, III C, 1938.

## Sukses in Atletiek

As onderwyser in liggaamsopvoeding word ek dikwels die vraag gestel: „Hoekom is dit dat so min van die veelbelowende skoolatlete in later jare ooit die toppunt in wêreldkompetisie bereik?"

Dit is moeilik om te verstaan waarom seuns wat kop-en-skouers bokant hulle maats op sportgebied uitstaan en wat ook miskien gebore atlete is, nie altyd met die jare verbeter nie.

Onkunde is die grootste rede en miskien kan halfhartigheid en luiheid ook 'n baie groot rol speel. Met die twee laasgenoemde bedoel ek: halfhartigheid om te oefen en luiheid om behoorlik voor te berei. Enige seun wat betreklik goed in enige tak van sport is en gewillig is om hom hart en siel daarop toe te lê, kan as die wil daar is eendag 'n Springbok word. Hy moet altyd onthou dat sy skooljare in sport sowel as gewone skoolwerk opvoedjare is en dat dit hier is dat die saad wat vrug moet dra, geplant word. Dit is die begeerte om skoolrekords sonder behoorlike voorbereiding te slaan en om teen ouer en groter seuns in die verskillende vertakkings van sport op te tree wat een van die grootste redes van hierdie vroeg „uitbrand" is. My ervaring met skoolseuns is dat 'n paar keer om-die-veld-hardloop voor die rugbyseisoen of 'n paar dae „beenlosmaak" voor 'n groot sportbyeenkoms in die reël genoeg geag word.

Dit moet onthou word dat dit die organe en die senuweestelsel is wat eers versterk en opgebou moet word, want dit is hier waar die „uitbrand-proses" begin. Niemand behoort aan enige kragtige sport deel te neem voordat die liggaam daarvoor bereid is nie. Stywe spiere, litte, ens., volg altyd op onvoldoende afrigting. 'n Dokter moet vir sy graad ses jaar voorbereidingswerk doen — hy word nie 'n dokter gebore nie en dieselfde beginsel dien ook vir atlete. Beenoefeninge, drafwerk en losmaakoefeninge is alles 'n deel van die grondwerk en daarmee behoort tenminste twee maande voor die tyd 'n begin gemaak te word. As hierdie stelsel gevolg word, kan niemand ooit „uitbrand" nie, want die sterker organe en slapper spiere is bereid vir die harder werk en versterk en verbeter nog meer met die jare. Wêreldberoemde atlete soos Nurmi, Archie San Romani, Cunningham en Jesse Owens het nooit van hulle skooldae af aan 'n wedstryd deelgeneem voordat hulle behoorlik bereid daarvoor was nie.

Onthou: atletiek is 'n plesiervolle en pragtige sport en help om gesondheid en lewenslus aan te wakker. 'n Goeie atleet kan altyd, tot op sy oudag, honderd persent geskik bly en altyd sterker en gesonder as die gewone man wees as hy altyd behoorlik oefen. As al die skoolseuns in Suid-Afrika hierdie feit in ag wil neem, is ek oortuig daarvan dat binne 'n paar jaar ons atlete tussen die beste in die wêreld sal wees, want soos almal weet, is daar baie goeie materiaal onder ons Afrikanerseuns en -dogters.

M. SERFONTEIN, Instrukteur in Liggaamsoefeninge, 1939.

## DIE OS

*O troue, troue dier,*
*die redder*
*van die trekker,*
*Met jou horings fier!*

*Afrikanerbloed het jy sien vloei....*
*'n volk se stryе,*
*'n nasie se lye——*
*'n Ras op smarte geskoei.*

*'n Pad het jy getrap,*
*vol van smarte*
*uit Boereharte——*
*Om jou het bloed getap.*

*Jou spore is verewig,*
*die stryd gestry,*
*die smarte gely——*
*'n Nasie is bestendig.*

FANIE GROBLER, II E, 1939.

# A Poor Ignorant Schoolboy Soliloquises

"Sine of three-four-eight-seven equals cosine of point one-o-six-four. Oh dear, oh dear! When on earth shall I finish this? I have to hand it in to-morrow. Why must we do all this? Soon I shall have left school and then I'll not make use of it any more.

"However, what with things as they are, with a teacher and a father standing behind me, I suppose I'll have to do it. No, I think I shall leave this and tackle the German:

'Ich, meiner, mir, mich,
Dich, seiner, dir, sich.'

"Oh no! That is wrong again. This simply will not stay in my head. I wonder why we have to learn German. My father does not know it, nor does my mother, nor does anyone I know, except, perhaps, the teacher, but as far as I know, everyone is happy without knowing it.

"Now for a bit of history. Napoleon was born in Corsica. Now where on earth can that be? The name sounds as if it has something to do with a woman. I suppose it is somewhere in Paris. Now when was he born? It does not say here, but I think it was somewhere in 1709. No, that is the date of the German invasion of France, or is it the date of the execution of Charles the.... I do not know which Charles it was.

"Oh dear, I am getting thoroughly muddled up. Why do we have to learn dates? The only date every person should know is his birthday.

"I am sure the whole educational system is entirely wrong. We go to school and learn things that we shall never be able to put into practice.

"If the teachers cannot cram the 'knowledge' into our brains through our ears, they try the other extreme, and I can assure you that that is most unpleasant.

"Every day and every night we slave and slave. Everyone else comes home from work and spends the rest of the day after five o'clock as he pleases while we have to sit and do homework.

"Our healthy young bodies contract illness, droop and gradually fade away. Our eyes become red and weary till we have to get glasses. Our faces become drawn and haggard from lack of sleep. By the time we emerge from school we are old men. At work we are disillusioned because we find that after the years of study we know nothing yet.

"How I wish that we were happy cannibals in a deep jungle and could still look at the moon in a romantic manner, sighing and thinking of that divine sentiment, love, rather than being taught that the moon is a barren, desolate waste with absolutely no life on it, and that the lovely moonshine is nothing but the sun's rays reflected by the moon...

"However, it will be of no use to tell this to the hard, unfeeling, cynical father and teachers. So I suppose I will have to do my work.

"But really, I feel as if I am going mad. Every night I dream horrible dreams of examinations, and during daytime I am continually worrying about the school. And who are behind all this? The teachers. And, by golly, if I go mad, I hope their consciences, if they have such things, will prick and prick them till they too go mad, mad, mad!"

JAN V. D. BERG, V A, 1940.

---

# Unsere Neue Schule

Es ist ein groszes Wunderwerk der Baukunst, diese neue Schule, aber sie hat ein ansehnliches Kapital gekostet und die Ausführung nahm eine ziemlich lange Zeit in Anspruch.

Es ist schon mehr als zehn Jahre her, dasz von der neuen Monument Höheren Schule die Rede war. Da wurde beraten und beschlossen und abgestimmt und Meinungen wurden ausgesprochen, aber man war nicht imstande, zu einem festem Entschlusz zu kommen.

Die Besprechungen nahmen nicht nur Monate in Anspruch sondern Jahre, aber die Zeit ist endlich erreicht und die neue Schule geht ihrer vollständigen Beendung mit raschen Fortschritten entgegen und täglich wuchsen die Wände höher.

Dann kam der Tag der Grundsteinlegung. Viele Menschen, hauptsächlich Eltern der Schüler, und Schüler selbst waren anwesend. Lange Reden wurden gehalten von verschiedenen hohen Herren, und auch der Pressephotograph war zur Stelle und zwei Tage

später erschien ein groszes Bild der ganzen Feier in der Zeitung.

Jetzt ist sie fast so weit, dasz man sich bald freuen kann über die neue Schule, und wenn die Bänke und die anderen Möbelstücke erst drinnen sind, geht man mit frischem Mut und neuer Lust wieder an die Arbeit.

Nicht lange ist es her, seit unsere Schule feierlich eingeweiht wurde. Morgens marschierten sämtliche Schüler hinter einem aus Pappe angefertigtem „Monument" her, von der alten zur neuen Schule.

Dort wurden dann noch viele und lange Reden gehalten und auch die Schüler muszten zwei Lieder singen.

Als dieses alles beendet war, konnte man in den Saal zum Essen gehen oder sich hier und da herumschauen und alles ansehen, denn anlässlich der Eröffnung der Schule wurde nämlich ein Basar veranstaltet.

Nachmittags gegen fünf Uhr nahm dies alles ein Ende, und am Abend um acht Uhr wurde es in der Stadthalle in der Form eines Schauspiels fortgesetzt.

So wurde unsere neue Schule am 18ten Mai feierlich eingeweiht, ein für uns stets denkenswürdiger Tag.

Möge sie nicht nur als Monument der Baukunst, sondern auch als Erzieherin vorbildlicher, Süd-Afrikanischer Jugend dienen!

H. HENNINGS, 1935.

## „Ek hou van die Gemeensaamheid Waarmee die Dinge My Omring"

'n Onheilspellende stilte heers in my kamer. Skielik slaan die ou groot huishorlosie 'n paar harde slae en veroorsaak 'n wrede onderbreking van die byna tasbare stilte wat my aan alle kante omring. In die kamer langsaan hoor ek die harde asemhaling van my grootvader wat reeds lank onder die vere ingekruip het.

Hoe dikwels, wanneer 'n mens so laat by jou boeke moet waak, word jy ontevrede en begeer jy die geselskap van andere. Maar as ek aande agtereen met my boeke — draers van kennis — moet worstel, dan word my omgewing vir my dierbaar. Elke ou voorwerpie, hoe nietig ookal, spreek as 't ware in die stilte tot my.

Hier reg voor my hang 'n portret van ou Marie wat my gedurig met die een oog dophou. So in die stilte is haar portret vir my volmaakte geselskap. Dit is asof sy self hier by my is met haar heerlike, verspotte en ewigdurende geklets.

Op my rak staan my boeke in rye gepak, gereed om aan my die kennis waarna ek so smag, mee te deel. Ja, hulle roep my byna en smeek my dat ek van hulle gebruik moet maak.

Hier op die kas lê ou Rita, my verslete ou pop waarmee ek as kind gespeel het. Ek kan maar nie van haar skei nie en sy glimlag so vriendelik dat dit my byna in trane wil laat uitbars. Hoe uitermate vriendelik is alles tog nie! Hoe eenvoudig hulle ookal is, versier hulle my kamer tog so volmaak.

Agter die deur val my oog op my warmwatersak wat alreeds vier jaar getrou sy diens gedurende die kou wintermaande doen. Wanneer ek na lang studie-ure in my bed kruip dan is hy daar om my te verwelkom. Ja werklik, selfs my ou komberse is vir my lief en dierbaar.

Die ou leeslampie, 'n geskenk van my moeder, straal heerlik sy lig op my boeke. Dit is so wonderlik asof hy my met veel liefde wil aanspoor om te werk, want daarom straal hy sy lig so helder uit.

Sonder my ou wekker kan ek ook nie klaarkom nie. Nou en dan raak sy getik heeltemal weg wanneer my werk my volle aandag vereis, maar die vinnige, sagte tikkies dring altyd maar weer na vore. Dit is dan vir my asof hulle vinniger wil gaan sodat die tyd van rus nader kan kom. My ou wekker betoon my soveel simpatie — hoe waardeer ek dit nie wanneer ek soveel medelye en liefde, al is dit maar dooie en nietige dinge wat my dit aanbied — rondom my bespeur nie.

Dan, wanneer ek alles so betrag, gaan my gedagtes verder — baie verder, ja so ver dat dit versmelt met die goddelike. Volmaakte geluk in eensaamheid word beleef in die gedagte dat jou Skepper baie naby is en saam met die digter kan ek dan getuig:

„Ek hoor 'n fluistering van God,
Die teerste wat my siel kan raak."

HESTER BOSHOFF, V B, 1940.

# Die Hochzeit

Es war ein Fest im süddeutschen Dörflein, Hochkirchen. Ja es war ein richtiges Fest, denn Julerl Fröhlich und Fritz Gutmann heirateten, und wenn es eine Hochzeit gab, feierte das ganze Dorf das Fest.

Am Nachmittag begann es.

Die Braut und der Bräutigam gingen zur Kirche, und jeder der gehen konnte, lief mit. Es war ein ganz schöner Aufzug.

Voran ging die Dorfmusik, und spielte die schönsten Märsche. Dann folgte die Kutsche worin das Brautpaar sasz; dann kamen noch ein paar Kutschen mit Verwandten; dann folgte eine ganze Menge von Leuten, die singend und jauchzend mitging.

Nach der Feierlichkeit ging der ganze Aufzug nach dem groszen Wirtshaus von Hans Schenker, wo man die Hochzeiten immer feiert. Alles war schon fertig, man wartete nur auf das Brautpaar. Vor der Tür hatte man Bänke und Tische mit allerlei Delikatessen angebracht. Wein und Bier gab es in Fülle und jeder konnte sich satt trinken.

Als der Aufzug am Marktplatze ankam, kletterte der Bürgermeister auf einen Stuhl, und hielt eine schöne Rede, und brachte einen Trinkspruch aus. Er hatte ein groszes Glas Bier in der Hand und rief: „Es leben die Braut und der Bräutigam hoch!" Im Moment hob die ganze Schar „drei mal hoch" an. Dann fing man zu tanzen an. Die Dorfmusiek stellte sich vor dem Wirtshaus auf und spielte so, dasz niemand der Lust zum Tanzen widerstehen konnte.

Man tanzte aber keine „Foxtrotts" oder so etwas, sondern die echten süddeutschen Volkstänze wie „Ländler" und „Schuhplatter" und sang Jodler dabei.

So dauerte es fort bis ungefähr ein Uhr nachts. Der Bürgermeister und der Kupferschmied, die immer zusammen tranken, waren schon zum zweiten Mal betrunken. Das Brautpaar war schon fort geschickt. Unter den Bäumen an der andern Seite des Marktplatzes sasz manch Menschenpaar dicht nebeneinander. Auf dem Platze aber wurde noch lustig getanzt.

Plötzlich aber, entstand da ein groszer Spektakel. Alle liefen herbei, und in kurzer Zeit entstand ein allgemeines Gefecht.

Man schlug einander mit Stühlen und Biergläsern ohne zu sehen wen man träfe.

Der Bürgermeister bekam einen harten Schlag mit einem Stuhl, sodasz er eine halbe Stunde später noch in Versimpelung am Bodem lag.

Es dauerte nicht lange, da waren alle Lichter kaputt geschlagen.

Der Wirt, ein groszer, dicker, starker Mann, schlug, mit der Hilfe seiner Frau die ganze Menge zur Türe hinaus, und sagte: „Wenn ihr einander totschlagen wollt, so tut es denn drauszen!" Dann ergriff er zwei von ihnen und schlug ihre Köpfe zusammen dasz sie besinnungslos zu Boden fielen.

Nun liesz das Gefecht nach, und man fing wieder an zu tanzen. Zwar hatte dieser und der ein blaues, geschwollenes Auge, aber darauf wurde nicht geachtet. Man tanzte und tanzte, und ging nicht nach Hause, bevor die Sonne schon hoch am Himmel stand.

L. J. W. HILLEBRANDS, V A, 1940.

# Die Voortrekker-Eeufees

Oor die aandeel wat die skool aan die viering van die Voortrekker-eeufees geneem het lees ons in die uitgawe van 1939 die volgende:

„Die skool het 'n leidende aandeel in die Eeufeesviering op Krugersdorp gehad. Dit het meegewerk in die voorstelling van die staatskoets van president Kruger en 'n span seuns en meisies het een van die Voortrekkerwaens van die stadhuis tot by die Paardekraal-monument getrek. Voor die monument is die doop van die nuwe meisieskoshuis en die toekomstige seunskoshuis voltrek. Albei koshuise het Voortrekkername ontvang."

# 'n Nuwe Uitvindsel

(Kopie-reg voorbehou.)

Uit uiters betroubare bron word verneem van 'n nuwe uitvindsel van een van die onderwysers van II E.

Die uitvindsel stel 'n onderwyser in staat om 'n blou, reguit streep sonder 'n liniaal en potlood op 'n geboë vlak te trek.

Die uitvindsel sal eersdaags gepatenteer word.

E. ROSSOUW, II E, 1939.

# Die Lig van die Dag Verdryf die Nag . . .

Moeg en dof hang die sekelmaan lusteloos en omgekeerd bo die westerkim, mistigblou en swygend-geheimsinnig.

In die ooste breek die dag. Die lug bokant die oostelike horison word ligrooi: die vaal naglug word deursigtig en dunblou. Een vir een sluit die sterre hul ogies in die vaalblou dynserigheid van die lug.

Bokant die donkerblou heuwels in die gloeiende lug hang 'n massa lewendige vorme — wolke wat gedurig van gedaante verwissel. Nou is dit 'n skip wat stadig met wapperende seile oor die oseaan vaar, dan weer 'n fiere strydros wat met kop trots omhoog statig verbystap.

'n Pasontwaakte voëltjie kom skielik tot die ontnugtering dat die dag breek en hef sy môreliedjie aan, eers huiwerig en onseker maar later voluit en vol dankbare vrolikheid. Die helder liedjie wek nie net die ander voëltjies nie maar is ook aansteeklik en net gou kom die soetste melodie uit tientalle veelkleurige borsies op die koel windvlagies aangegolf — 'n lied van dankbare toewyding aan Hom wat vir hulle sorg.

Die lug word nou rooier en die wolkgestaltes meer fantasties. Die trotse perd word 'n oneindige kolos — 'n misvormde wangestalte.

Oor die laagtes kruip 'n digte wit newel waarbo die kruine van enkele hoë bome spookagtig daar uitsien in die onsekere lig.

Die oosterhemel drup nou van bloed en die heuwels skitter van goud waarvan die weerglans aan die rande van die môrewolkies kleef. Nog 'n oomblik van aarseling en dan . . . skielik skeur die wasige gordyn en 'n reusagtige palmblad van lig met vonkelende goue naaldpunte skiet uit vanagter die heuwels en die hele wêreld swem in dartelende sonskyn. Honderde glinsterende diamante word aan die bome getower en val soos 'n blink bliksemstraal na die grond as die windjie die teder blaartjies saggies aanraak.

Haastig verdwyn die laaghangende newel, die vormvaagheid van die halfduisternis meesleurende en die wêreld glimlag in die vriendelike sonskyn wat die koue van die nag verdrywe.

Weer het die sonnige daglig die swart newelige duisternis van die nag verdrywe.

JOSSIE VAN WYK, III B, 1941.

# Die Noodregulasie

Toe ek die môre die berig in die koerant lees . . . . ! ! Dit het vir my daardie oomblik gevoel of die aarde onder my padgee, hoewel ek nie 'n man is wat sterk drank gebruik nie. Vir 'n oomblik kon ek niks sien nie. My oë het oormekaar gekyk, hoewel ek nie 'n man is wat skeel kyk nie. Dit het gevoel of my maag hol word; my knieë het geswik en ek moes 'n vreeslike geluid geuiter het, want toe ek weer sien, staan my vrou hier langs my.

„Mannie, ou man, wat is dit tog?" kerm sy terwyl sy haar hande inmekaar vryf. „Pietman, bring gou vir jou pa 'n bietjie rooilaventel. Gou-gou my seun, jou pappie is baie siek."

Dan rig sy haar weer tot my en vra besorgd: „Ag my man, waar voel jy dit? Waar is die pyn? Is dit weer agter jou blad of is dit . . . ."

„Ag vrou, dit is g'n pyn nie, dit is, dit is . . . daar in die koerant!" En ek voel hoe my kop skoon duiselig word by die herinnering aan wat daar staan. My vrou was doodsbleek en met haar een oog op die koerant het sy gefluister: „Ag man, is dit hulle? Het hulle . . . . het hulle ons land aangeval? Praat tog gou jong!"

„Nee vrou," antwoord ek toe, „dis g'n dit nie, maar kyk, daar staan dit in die koerant swart op wit." En toe laat ek volg op 'n wanhopige toon: „Hulle wil my vermoor; hulle wil my uitroei en verdelg . . . ! !"

„Ag man, wat yl jy tog nie? Sussie, gaan roep gou vir tant Annie en sê vir haar sy moet gou die dokter bel en self ook hierheen kom. Ek kan jou pa nie verlaat nie. Sê sommer vir haar sy moet 'n mosterdpleister saambring. Ek dink . . . ."

„Maar vrou, wat makeer jou?" vra ek haar, „ek makeer niks nie. Vat daardie koerant en lees dit self. Die regering het daardie wet spesiaal gemaak om my ondergang te bewerkstellig. Kyk daar staan dit met groot swart letters: ‚Geen wit brood meer na 1 Mei nie,' en my maag is so swak dat dit nooit met bruin brood sal akkordeer nie . . . . ! !"

W. DüRR, V A, 1941.

# Oom Bart en die Volkspele

(Met verskuldiging aan Dirk Mostert.)

Ek en my ou Beste was net besig om blomme uit te plant in die tuin, toe ons die hartverstorende geklop-klop van 'n disselboom hoor. Sonder om eers op te kyk weet ek al wie dit is, want wie anders as oom Bart sou mens se Saterdagmôretjie so vroeg kom bederf?

„Vroutjie, ek sal oom Bart inbring. Gaan haal jy solank vir ons koffietjies. Die ou sal miskien ry as hy my tabaksak leeg gerook het en twee van jou koppies verslind het."

Voor vroutjie nog in die huis was, skreeu oom Bart al van die donkiekar af: „Ek sê Meester, hierdie ‚heknies' van my is darem sommer vorentoe diere. Of hoe sê ek nou? Môre Meester."

„Môre oom Bart. Span Oom uit?"

„Nee Meestertjie, ek het sommer vir so 'n jinneweertjie gekom, maar ek sal darem inkom."

Terwyl ons aanstap huis-toe vra ek: „Oom, hoe gaan dit nog met tant Soesen en die kinders?"

„Nee wat Meester, met die gesondheid aangaande is alles nog wel. Hulle is mos wonderlik begaaf met gesondheid, dis net vir my wat die jig so optel. Dis net soos ek sjeester vir Gjert Sandspruit sê, ek weet nie of my ou bene my nog lank sal kan dra nie."

„Ja Oom, dit gaan maar swaar," antwoord ek vinnig om 'n einde aan die klaagliedere te bring.

Nadat ons 'n rukkie gesels het oor die „heknies" en hoenderkuikens begin oom Bart skielik rond te skuiwe en mompel iets van 'n tabaksak. Daardie streek van hom om te maak of hy sy tabaksak by die huis vergeet het en dan myne leeg te rook het ek al goed geken.

„Oom, daar lê my tabaksak op die tafel; stop maar," sê ek tegemoetkomend.

„Dankie Meester," en na 'n rukkie: „Wat vir 'n ding sou dié nou wees, hê Meester?"

„Kyk Oom, dit is 'n advertensie van die volkspele-klub wat ons vanaand stig. Dit is vir al die jongmense van ons omgewing."

„Vir ál die jongmense? Nou ja Meester, dan kom ek so wragtie ôk. Ja, vanaand is die aand wat ek en ou Soesen ons litte lekker kom losmaak. Dan groet ek nou maar. Dag Meester, sê groete vir Juffrou. Ek sal liewers nie koffie drink nie. Nou alraait as Meester nou so graag wil hê ek moet, dan sal ek maar seker moet."

Toe nog net die stofwolke wat die „heknies" se pote gemaak het, oor die pad hang, staan ek my nog altyd en verwens omdat ek weer vir ou Bart uitgelap het van die volkspele. Watter onmenslikhede sal hy tog nie weer vanaand aanvang nie?

* * * *

„Kyk ons begin deur in twee rye te staan, die neefs regs en die niggies..."

Meteens word die instrukteur se stem onderbreek deur 'n vreeslike lawaai buite. So tussen die gerinkel van tuie en die geblaf van honde hoor jy net telkens: „Ek sê ‚heknies' julle ‚jollie-boys', staan stil. Alle mintig Baasman, help dan kêrel. Dit wil vir my gaan lyken of jy nie meer kan uitspan vandat jy in darie spesiale dienspetalje is nie. A nee kêrel, ek sê a nee."

Met groot verbaasde oë staar die mense my aan, net asof ek verantwoordelik was vir die verstoring. Maar hier storm oom Bart al by die deur in: „Ditsem Meester, vat haar vas, swaai haar. Toe nou, Meester! Waar's sy nou? Kom Soesen, ons wys hulle. Agge nee wat Meester, waar's die musiekies dan?"

„Naand oom Bart. As Oom en tant Soesen ook wil saamspeel, kom staan dan hier in die rye", antwoord ek, terwyl ek bloos tot agter my ore.

Met veel moeite het ons die twee reg geplaas en die instrukteur kon voortgaan met verduideliking. Altans so het ek gedink, maar hy was nog nie halfpad nie, toe oom Bart alweer begin: „Ek sê Meester, wat se vrotsigheid is dit nou weer met darie knapie? Hy beduie nog heel aand en nou hou hy hom jintelman hier tussen ons; maar wragtie Meester, nou dons ek hom. Dis al half-nege en hier staan ek nog altyd droogbek."

Hierdie keer het ek harder met die ou gepraat en hy belowe my toe om hom voorlopig te gedra. Toe die spele eers 'n aanvang neem, moes jy die ou se liggaam tussen die nooiens deur sien krul het.

„Ramkat! beesvel! Kom ou Soesen, moenie jou lyf so innepennent hou nie.

Maak die draai wyer. Ek sê, Meester en Juffrou jol sommer darie wêreld toe. Naand Sjert. A nee, ek sê a nee, lig dan jou bene. Kyk so soos jou oom maak."

„Ja Oom, maar Oom word jonger by die dag. Ek kan nie bybly nie."

„Watwou jonger word! Ek is met so'n gawe geseën om te kan passies maak. Kyk nou, aits, aits, Soesen my skat, vat die draai."

„Maar Bartelomeus, skaam dan vir jou. Jy gaan nie hier met my staan en gekskeer nie, verstaan jy vir my? Ga vat vir jou 'n jong dogtertjie wat al jou kfouery sal laaik. Jy moet verstaan dat ek darem nie meer 'n kjeent is nie. Maar ek wil darem sê, ek staan nie ver agter by Juffrou nie."

„Ek hou my lyf soos 'n vaalpatrys en ek dans met die tannie met die rooi koller lys", skreeu oom Bart en pak my ou Beste beet. „Juffrou, nou gaan ons tweetjies die baan bespring, of hoe sê ek nou?"

„Ja Oom", antwoord sy benoud, „maar laat ons liewers eers iets gaan drink."

„Nou so is dit ôk goed Juffrou". Na 'n rukkie hervat hy: „Juffrou, kyk nou net vir so'n Baasman. Hy staan al heel aand soos 'n verleë hond teen die muur. Basie, Baasmaaaaan, wy die baan in, my seun."

* * * *

Toe al die mense al weg was, begin oom Bart sy familie bymekaar skraap.

„Nou ja Meester, nou ry ons ôk maar. Haai Meester, maar vanaand het Bart Oberholzer hom darem sommer lekker uitgejôl. Darie knapie is darem 'n gawe kêrel om vir ons sikke lekker dingetjies te leer. Ek gaan hom nou eers groet. Nag Nefie, dankie vir die lekker aand."

„Nag mnr. Oberholzer."

„Nee wat, sommer ‚oom', nie ‚meneer' nie."

„Dankie Oom", glimlag die instrukteur.

„Dis nie te danke nie. Nag Meester, nag Juffrou." „Nag Meester, nag Juffrou. Juffrou moet tog nie vergeet om die ou seuntjie se bors met knoffelolie te smeer nie", skreeu tant Soesen agterna.

Eers toe ek nie meer die geklop van die „heknies" se pote kon hoor nie het ek vir die eerste keer weer behoorlik gerus gevoel. Met oom Bart in die omgewing kan mens se siel geen rus vind nie.

DELEEN ERASMUS, IIIA, 1941.

## Ds. Stander Besoek Biesiesvlei

„Haai! Kosie, wie kom daar in die pad aan?" vra 'n bejaarde, gesette vrou.

„Ma, ek dink dit is die dominee," antwoord 'n vuil, maer seuntjie.

„O my liewe land! Nou is neef Floors se Bybel nog by tant Katryn. Hoe gaan ek hom in die hande kry? Jaaack! Haai jy, kom gou hier en hou op met speel. Gaan haal die Bybel by tant Katryn en jy kom nie sonder hom terug nie!" Soos die wind is Jack weg om te gaan soek na die Bybel.

Gou trek tant Miems die kinders aan, kam hul hare en smeer dit plat met 'n bietjie haarolie. „Luister nou Floors, jy, Koos, Jaap, Sara, Miems, Sammie en Flossie moet nou soet op die stoep op die stoele daar gaan sit sodat die dominee julle kan sien en dink dat julle altyd so stil is. As julle moeg is vir stil sit mag julle sing, maar net Gesange."

„Ag! eindelik is ek nou om die laaste draai," sê ds. Stander met 'n sug. Maar as hy voor hom die eenvoudige, mooi plaastoneeltjie sien, hou hy op met kla. Die boerehuisie, geheel-en-al omring deur bome, staan aan die voet van 'n ontsaglike krans.

By die huisie aangekom hou hy stil en klim af van sy kar. „Middag Mevrou," groet hy vir tant Miems, wat hom waggelend tegemoet snel.

„O! middag Dominee! Ag! dis tog goed van Dominee om ons te besoek. Kom maar binne, dis alles skoon, die arme meidjie het heel môre die vloere gevryf. Dominee weet, nig Katie vryf mos nooit haar vloere nie en tant Siena se gordyne is altyd vuil en nig Lett...."

„Mevrou," val die onthutse dominee haar in die rede, want hy is glad nie lus om na haar skinderpraatjies te luister nie.

„Middag kleinspan, hoe gaan dit?" groet hy die kinders wat almal regop sit. Flou, amper nie hoorbaar nie, mompel hulle: „Dag Dominee," want hulle is vooraf verbied om hard te praat.

„Dominee kan maar binne kom. My ou man sal nou-nou hier wees."

„Dankie Mevrou. Waar is hy?"

„O hy? Hy is seker by die beeste.

## DIE LEERLINGEGRAAD.



*Agter: Izak Venter, Ida Botha, Jan Klopper, Vera Burger, Piet Oosthuizen.*
*Voor: Daniel Voges, Martha Hoffman, mnr. J. H. van Dyk, Deleen Erasmus.*

Dominee weet, hy suip darem nie soos ou Floors nie en ook nie soos...."

„Mevrou, waarom is u kinders so lusteloos? U moet regtig 'n geneesheer raadpleeg," val die dominee haar weer haastig in die rede.

„Aag nee wat, Dominee weet, ek sê altyd 'n kind moet stil wees en nie so woelig soos...."

Die deur word vinnig oopgeruk en Jack kom uitasem die sitkamer ingehardloop met die Bybel in sy hand. „Ma, ,auntie' Katie sê Ma moet onthou om die Bybel vir ,auntie' Flossie te stuur en sy moet weer dit vir ,uncle' Sammie stuur, met haar ,Boy'."

Tant Miems val amper op haar rug en die dominee skater van die lag. „Ja Ma, en ,auntie' Katie sê, Ma moet vir Pa met die kar kom haal, want hy is alweer hoenderkop."

Met een spring is tant Miems bo-op Jack en terwyl sy besig is om hom terdeë te slaan, spring die dominee by die deur uit en in sy motorkar. So vinnig as wat hy kan, ry hy weg van Biesiesvlei.

J. KIDSON, III A, 1941.

---

## Wer nie, der kennt es nicht

*Wer nie sein „Lear" mit Freude las,*
*Wer nie die kummervollen Nächte*
*Mit „Jackson's" oder „Kingsley" sasz,*
*Der kennt sie nicht die Pein, die echte!*

*Wer nie ein „Lindeque" besasz,*
*Behalten kann die vielen Berichte,*
*Der ist dumm über alle Masz'*
*Und kennt nicht seine Geschichte!*

*Wer nie im Bett mit „Spraakkunst" lag,*
*Wer nie „Kohlkopf" wird genannt,*
*Und nie statt liefen, lauften, sagt'*
*Hat unsren Herrn nie gekannt!*

*Wer niemals den Geruch gehabt*
*Von „Swawel", und von „Kloor"*
*Hat niemals frische Luft geschnappt,*
*Und kennt nicht den Kontor.*

*Wer viel Freude an „Matesis" hatt',*
*Doch nie „Stellings" und Aufsatz hat geschrieben,*
*Der wird die Ziffern balde satt,*
*Und is ein Narr geblieben!*

SAREL v. d. BERG, V A, 1941.

## Winkende Beloftes

Stadig rol die wiele van die kakebeenwaentjie voort op die pad van Suid-Afrika. Soos 'n dobberende skuitjie op die magtige oseaan, so vertoon die wit tentjie in die duisternis wat die woeste binnelande van Suid-Afrika omsluier.

Stadig word die toppe van die geheimsinnige swart berge teen die horison sigbaar as die eerste ligskynsels van die stadig opkomende maan die uitspansel verlig. Na 'n rukkie steek die maan sy kop uit agter die swaar bosryke kruine en sprei 'n betowerende glans oor die vlaktes.

Stadig wieg die wit tentjie nog steeds voort as die maan se strale weerkaats op die wit seildoek. Voor op die wakis sit sy, die Trekkervrou. Met die wit kappie effens agteruit gestoot staar sy die verte in. Ja, wie weet wat daar agter die geheimsinnige swart berge wag? Rus? Of miskien nog meer smarte? Soos pêrels in die maanlig biggel twee traandruppels oor die lelieblanke wange en val in die dou-bepêrelde gras.

Meteens gaan 'n sagte ruising deur die grashalmpies en op die wieke van die koel windjie word 'n sagte melodietjie na haar aangedra — 'n liedjie van hoop en volharding, volharding op die pad van Suid-Afrika.

Fier word die trotse hoof opgetel en nou blink daar geen trane meer op die mooi wange nie, maar verwagting, moed en hoop straal uit die helder blou oë. Nou weet sy hoekom sy moet ly! Net soos die maan opkom en sy ligstrale oor die donker vlaktes werp, netso sal die dag opklaar en daar sal lig wees vir die Afrikaner! Nou weet sy wat daar agter die geheimsinnige berge wag! Helder bruis die woorde in haar gemoed op: „Vryheid! Vryheid!"

M. HOFFMANN, IV B, 1941.

---

### DIE VIOOLTJIE

*„Wat kan ek vir die wêreld doen?"*
*Vra klein Viooltjie, nietig, blou;*
*Sy gee 'n snik en uit haar kelk*
*Rol silwerblink, 'n druppel dou.*

*Dit les 'n moeë by se dors;*
*„Viooltjie-lief, hou op met treur!"*
*Sy lig haar koppie statig op,*
*Gee aan die tuin haar soetste geur.*

IDA BOTHA, IV, 1941.

## My Klein Boetie

My klein boetie is maar baie bang vir katte en honde. Een middag loop hy buite en daar sien hy 'n kat.

Hy het natuurlik vreeslik groot geskrik, want hy kom met volle vaart by my ma aangehardloop en skree: „Sie jy, jou brak! Sie jy, jou brak!"

ANONIEM, 1941.

---

### RELIEF

*No matter how dark the future looks,*
*There will always be brighter days,*
*With flowers beside the rippling brooks,*
*And a brighter sun with brighter rays.*

*No matter how steep the hill to climb,*
*No matter how much your grief,*
*On the other side, you're sure to find,*
*Comfort and relief.*

*No matter how dark and dreary the road*
*Of life that has to be trod,*
*Be sure that at the other end*
*You'll find relief with God.*

OENONE v. d. BERGH, II A, 1941.

---

## Kreupele Waarhede

[Die volgende is pittige onsinnigheidjies wat uit vorige uitgawes van die Jaarblad versamel is. — Red.]

* * * *

### SNAAKSE DIERTJIES

Party diertjies slaap die hele winter deur, bv. eekhorinkies en paddas.

Klas-opstel, 1937.

* * * *

### THIS YEAR'S GRAND IDEA

*Tempt* is a grate word, because when you pray you say the word *temptation.*

Form II Paper, 1937.

* * * *

### THE GREAT LEADER

The leader of our troop was a big baboon bull.

Form II Paper, 1937.

### OPTIMISTIC

Teacher, explaining the subject of a sentence: "The *story* is true; the *news* is true; the *message* is true; the . . . . ."

"The *girl* is true," added optimistic young Duimpie.

Form III, 1938.

### HOË IDEALISME MET WEINIG GENADE

As ek eendag 'n onderwyseres is, sal ek nie die kinders so baie huiswerk gee nie en sal so nou en dan genadig wees as hulle nie hulle werk behoorlik gedoen het nie.

Vorm II-klasopstel, 1937.

* * * *

### PRIVAAT

Man, ou G—, jy is lastig. Ek ontvang niemand by ons huis nie, want my pa wil nie. Tensy jy net eenmaal of so kom kuier. As jy dink dat jy „in heaven" sal wees met my, maak jy 'n fout; ek is nie 'n *flirt* nie en . . ek speel „true love".

Jou Vriendin,
H.B. (1937).

### MEESTER SE WAARSKUWING

*Kinders, as julle my nie ag nie, . . .*
*Ek wil julle nie graag straf nie;*
*Tog, ek laat my nie belag nie.*
*Reg sal julle nie hê vir klag nie,*
*As julle kry wat julle nie verwag nie!*

Louisa Potgieter, IIC, 1937.

* * * *

### DIE INSTRUMENT VIR DIE WERKER

Metonimia is 'n stylfiguur waarby die instrument genoem word inplaas van die werker, soos bv.: „Die man word regeer deur die pantoffel".

Vorm III-antwoord, 1938.

### "SIEWIE"

Teacher: "Like *interior* we also have *anterior, posterior, exterior* and. . . ."

"*Fox-terrior,*" suggested a voice from the class.

Form III, 1938.

### DIE HOEWE-GEDONDER

In die verte kon 'n mens die rammelende en hoewige donder hoor te kere gaan.

Vorm IV-opstel, 1939.

* * * *

### IF IT WERE SO, IT WAS A GRIEVOUS FAULT

The noble Brutus hath told you Caesar was amphibious.

Form III Recitation, 1939.

* * * *

### ETHEREAL SWING

By this time the sun was in full swing.

Form II Essay, 1941.

### DIE VERSKIL

Al verskil wat tussen vandag se jeug en 'n motorkar bestaan is dat die motor 'n selfaansitter het waarmee hy aan die gang gesit word terwyl die jeug met 'n paar trekke aan hulle ore aan die gang gesit moet word.

H. Kok, IIIC, 1938.

## Die Kadette

(Met verskuldiging aan Anton Bergmann.)

„Het is toch waar", zeg ik met zekeren nationalen hoogmoed, „dat wij een puik legertjie hebben! Hoe fijn gestoffeerd, warm gekleed, zuiver gepoetst, goed gevoed zien er onze krijgslieden uit. Hoe manhaftig marcheeren de geknevelde officieren tusschen de rangen. Hoe vroolijk en opgeruimd klinken de dansende akkoorden van het Monument lied!"

J. C. COETZEE, III C, 1940.

### FAITHFUL TO THIS LAST

*Here lies, at last,*
*The shoemaker of his last,*
*Who, while his life did last,*
*Was faithful to his last.*

Anonymous, 1937.

## Die Voortrekker-fakkel

In die uitgawe van 1940 lees ons die volgende:

„Op die 1e Desember van verlede jaar is in die skoolsaal deur die hoof-leier van die Voortrekkers in Transvaal die Voortrekker-fakkel aangesteek met 'n vlam wat van die Eeufees-fakkel van die Voortrekker-universiteit op Pretoria gehaal is. Mnr. Brink het namens die skool die toesig oor die fakkel aanvaar en gesê dat hierdie fakkel sal dien om die skool voort te lei op die Pad van Suid-Afrika."

# DIE MONDIGE AAN DIE WOORD

## Eksamen-Uitslae, 1941

### EINDEKSAMEN VAN DIE MIDDELBARE SKOOL

EERSTE KLAS: (Vakke waarin onderskeiding behaal is, word tussen hakies aangedui): Boshof, Ferdinandus P. (Geskiedenis); Durr, Wilhelmina M. I. (Wiskunde, Natuur- en Skeikunde, Geskiedenis); Gregory, Lettisia (Natuur- en Skeikunde); Hallatt, Susanna (Natuur- en Skeikunde, Geskiedenis); Hartman, Beyers de W. (Natuur- en Skeikunde); Hennings, Ralph H. G. (Duits, Natuur- en Skeikunde); Janse van Rensburg, Maria J. E. (Wiskunde, Natuur- en Skeikunde, Geskiedenis); Labuschagne, Willem A. (Natuur- en Skeikunde); Mülder, Cornelius P. (Natuur- en Skeikunde, Geskiedenis); Oberholzer, Johannes H. V.; Rousseau, Dorothea P.; Theron, Johannes Jacob (Geskiedenis); Van den Berg, Sarel F. (Duits, Natuur- en Skeikunde, Geskiedenis); Viljoen, Christiaan R. (Wiskunde, Natuur- en Skeikunde).

GESLAAG: Botha, Catharina E.; Botha, John R. S.; Cilliers, Hermanus J.; Cloete, Theunis T.; Cronjé, Stephanus C.; De Beer, Johanna (Geskiedenis); De Jongh, Susanna E.; De Villiers, Pieter A.; De Wet, Hendrik F. L.; Eloff, Frederik C.; Faul, Sidney; Grobler, Abraham A. S.; Kerling, Petronella; Kloppers, Magdalena C.; Kruger, Aletta F.; Le Roux, Elsie C.; Kachelhoffer, Gerhardus C. (Geskiedenis); Marais, Anna C.; Minnaar, Otto; Mouton, Andries H. M.; Nel, Bardina J. D.; Nel, Catharina W.; Oberholzer, Anna M.; Olivier, Anna E.; Painter, Quinton B.; Pelser, Pieter A.; Pieterse, Adam; Pieterse, Joseph E.; Pieterse, Renier J. (Geskiedenis); Raubenheimer, Ockert S. H.; Smit, Wilhelmina H.; Tiedt, Elizabeth M.; Van Blerk, Cornelia J.; Van den Berg, Jeremias D. (Wiskunde); Van der Walt, Johannes H.; Van der Westhuizen, Frans W.; Van Heerden, Louwrens J.; Van Staden, Dorothea S. C.

Bevoeg vir aanvullingseksamen: 7470—Geskiedenis; 7488—Boekhou en Handelsrekene; 7497—Boekhou en Handelsrekene; 7526—Duits.

### JUNIOR SERTIFIKAATEKSAMEN

EERSTE KLAS: Alberts, C. A.; Angus, A.; Brits, G. N.; Coetzee, J. H.; Cornelius, H. C. M.; de Kock, M. J.; Duvenage, F. H.; Erasmus, D.; Greeff, M. M.; Greyling, M. D.; Griffiths, J. M.; Heukelman, H. M.; Kidson, J. P.; Kok, M. J. H.; Louw, A. S.; Louw,

H. F.; Nel, M. A.; Rousseau, M. C.; Saunders, S.; Steyn, J. P. H.; v. d. Pol, C.; van Reyneveld, M. L.; van Wijk, J. M.; van Zyl, I J.; Viljoen, E. L.

GESLAAG: Boshoff, M. D.; Botha, M. E.; Bouwer, A. M.; Bredenhann, J. L.; Bredenkamp, B. J. J.; Brits, S. M. L.; Coetzee, D. P.; Dalhuysen, C.; de Jager, F. P.; de Villiers, F. M.; du Preez, W. H.; Erlank, T. J.; Greeff, C. G.; Hudson, R. J.; Joyce, R. W.; Kok, D. J.; Marais, D. M.; Mostert, S. W.; Myburgh, P. A.; Oosthuizen, J. F.; Pretorius, S. S.; Prinsloo, J. P.; Roos, S. D. A.; Roos, W. C.; Sillands, W. J.; Smith, B. J.; Snyman, C.; Snyman, H.; Stander, H. C.; Steenekamp, E. M.; Theron, J. G. N.; Trouw, M.; van der Merwe, A. S.; van der Merwe, C.; van Niekerk, G. D.; van Vuuren, C. J.; van Vuuren, G. J.; van Wyk, H. J.; Venter, C. F.; Venter, H. de W.; Venter, S.; Viljoen, A. C.; Vrey, G. P.

ANALISE: Vir die Eindeksamen is 58 kandidate ingeskrywe. Van hulle het 52 heeltemal geslaag, 4 is bevoeg om 'n aanvullingseksamen in een vak te skrywe en slegs 2 het heeltemal gedruip. Onder die geslaagde kandidate is daar 14 in die eerste klas en alles tesaam is daar 26 onderskeidings behaal.

Vir die Junior Eksamen is 85 kandidate ingeskrywe. Van hulle het 25 in die eerste klas geslaag en 43 in die tweede klas; 11 kandidate kan 'n aanvullingseksamen skrywe en slegs 4 het heeltemal gedruip.

---

## Die Eerste Skote Val

„Die eerste dinamietskote in verband met die ‚Nuwe Monument-hoërskool' het vandag geval." So kondig 'n artikel in die uitgawe van 1934 die aanvang van die bouwerk van die nuwe skool op Ottoplein aan. Die langverwagte dag het dus uiteindelik tog aangebreek. „Fossiel", die skrywer van hierdie artikel, is uitermate verheug. Hy gaan voort: „Ek meen almal is vandag bly dat ons nie 'n skool kry onder die York-sandhoop nie [naby die stasie. — Red.] Die gebou gaan 'n pragstuk wees en 'n bepaalde versiering vir ons dorp. Ons gronde is ruim en mooi geleë ... Ons gaan mettertyd die hele skoolgrond pragtig uitlê."

Dit is asof „Fossiel", wat hom teen die einde van dieselfde artikel verklap as die destydse waarnemende hoof, reeds toe al kon voorsien het tot watter groot taak hy later geroepe sou word. Of sou dit wees dat hy die probleme van tuinmaak teen 'n kliprantjie onderskat het?

Maar 'n goeie begin is reeds halfpad gewin. Waar ons speelgronde reeds verfraai is deur die aanplant van mooi sierbome en tussen die meisieskoshuis en die skool reeds mooi terrasse aangelê is daar het mens rede om te verwag dat daar, veral nadat nuwe fondse deurmiddel van die groot kermis ingesamel is, eersdaags verdere verfraaiings op die skoolgronde aangebring sal word. Miskien mag dit selfs gebeur dat die vermoeide arbeider in die hitte van die dag lafenis sal kan soek by die bron-aar van die beloofde springfontein!

OPTIMIS.

---

## The Person I Admire Most

The person I admire most is unfortunately a man I do not know. I see him very seldom, but when I do see him I usually take a good look at him.

Most of the time one will be able to find him on some sports ground or other.

He is rather dark, but he has blue eyes, black wavy hair and is beautifully built.

The first time I saw him was one Sunday morning in church. We sat just opposite him. That morning I could not look at anything else but him. I could not see his blue eyes that morning, as it was too far from where we sat. This was the reason why I knew nothing about the sermon.

Afterwards I saw him at the swimming-baths where I noticed his blue eyes, when he walked past me with a girl friend.

At one of my friends' birthday party I saw him again, but then he looked more like the kind of man we call a „more than a gentleman." And that is positively not the kind I admire.

That night at the party his girl friend was not there, so he did not dance. He

## DIE REDAKSIE.



*Staande: Daniel Voges (hoof-redakteur), Benjamin de Koker, Ida Botha.*

*Sittende: Dr. J. J. Pieterse.*

played a beautiful white and silver piano-accordeon.

He got married to a young lady with fair hair and blue eyes, a few weeks ago.

Although I still admire him, I will definitely never take to liking her, because.... I hate her.

CECILIA J. VAN VUUREN, Std. VIII B, 1942.

---

## Die Rosie en die By

*Rosie rooi,*
*Rosie mooi,*
*Met jou kroon van skittrende dou,*
*Met jou rokkie wydgehou,*
*Sê my, is jou hart nog heel?*
*Kom, sal jy dit met my deel?*

*Bytjie-lief,*
*Hartedief,*
*Ek word skugter van jou taal,*
*Dieper blos my kleed omstraal;*
*Maar 'k het reeds my hart en hand*
*Aan 'n sonnestraal verpand.*

IDA BOTHA, Std. X A, 1942.

## Die Skool-kode

Die volgende is die kode waarvolgens die leerlinge van die skool hulle gedrag probeer rig. Dit word elke Maandagmôre in die skoolsaal voorgelees, om die beurt deur die hoof-seunsleier en die hoof-meisiesleidster.

„Ek dank God dat Hy my lewe en gesondheid gee.

„Ek sal die voorreg wat ek het om te leer, nie verwaarloos nie.

„Ek sal daarna streef om gesond te wees en te bly, na liggaam en gees.

„Ek sal myself probeer leer ken en ek sal selfbeheersing beoefen, waar en wanneer dit te pas mag kom, veral as 'n middel tot versterking van my karakter.

„Ek sal netjies wees ten opsigte van my persoon, my klere, my boeke, my skoolbank, my omgewing in die klaskamer, my omgewing op die speelgronde en daarbuite.

„Ek sal die goeie naam van my skool in ere hou.

„Ek sal die eiendom van 'n ander respekteer net soos ek dit van hom verwag — so ook die eiendom van die gemeenskap, soos die gebou, uitrusting en meubels van die skool, en waar ek in 'n koshuis is, ook dié van die koshuis.

„Ek sal die vereistes van beleefdheid en van goeie gedrag altyd en orals nakom. Ek sal veral teenoor oueres beleefd wees."

---

# DIE DOEN EN LATE VAN OUD-LEERLINGE

[Ons bedank alle oud-leerlinge wat so vriendelik was om aan ons te skrywe en die skool geluk te wens met sy 21e verjaarsdag. Van diegene van wie ons gehoor het of met wie ons in aanraking gekom het, gee ons die volgende saaklike oorsig. — Red.]

**Erina Ackermann,** redaktrise van die Jaarblad in 1939, volg 'n kursus in die sosiale wetenskappe aan die Universiteit Pretoria. Sy skrywe dat sy nog altyd van die Monument-hoërskool praat as „ons" skool.

**Henning Viljoen** woon op Roodepoort waar hy 'n gesondheidsinspekteur is. Hy is kort gelede getroud met **Elba van Zyl** wat ook 'n oud-leerlinge van die skool is. Hennie skrywe dat dit sy grootste verwagting vir die skool is dat dit nog eendag die Administeursbeker moet wen.

**Hansie Viljoen,** een van die skool se vroeëre rugby-staatmakers, is getroud met mej. Susie van Eeden en werk in die hoofposkantoor op Johannesburg.

**George van Wyk** is superintendent van die slagpale op Roodepoort. Hy is getroud met **Lenie Viljoen,** een van die eerste leerlinge van die skool.

**Hannah Joubert,** wat goed bekend was op die atletiek-baan, is getroud met mnr. Bossie Joubert.

**Dirkie Bodenstein** is op die Hoër Handelskool te Potchefstroom.

**Frans Fourie** is klerk op die spoorweë te Leeuwdoornsstad. Hy is reeds die trotse vader van 'n seun en 'n dogter.

**Anna S. en Anna M. Grobler,** wat onder die heel eerste leerlinge van die skool getel

het — die twee niggies wat altyd in alles kop in een mus was — woon nou albei op Louis Trichardt. Anna S. is nou mev. De Beer en sy vind dit baie prettig dat haar twee oudste kinders aan die hoërskool te Louis Trichardt in die matesis onderrig word deur Anna M. se man, mnr. Botha.

**Gert P. V. Krogh** is klerk op die S.A. Spoorweë te Johannesburg.

**A. H. Mulder** wat 'n lid van die eerste matrikulasieklas van die skool 17 jaar gelede was, is tans die hoof van 'n skool op Standerton. Hy neem 'n leidende aandeel in sosiale aangeleenthede en is trots daarop dat sy oudste dogter al die hoërskool besoek.

**Martha M. Visser** is onder-posmeesteres op Cyferbult.

**Hubert Goote** is getroud met mnr. Anton Rupert wat 'n sakeman op Johannesburg is.

**Jan Muller,** wat al enige jare kaptein van die oud-studente-voetbalspan is, werk op Randfontein.

**Anna M. Visser** werk by die firma Hillman's, Beperk, op Krugersdorp.

**A. Bornebusch** werk in die Nasionale Bank te Kalkfeld in Suid-Wes. Hy skrywe dat hy baie graag sal wil verneem van ander oud-leerlinge wat hulle in dieselfde geweste bevind. Hy is oortuig daarvan dat oud-Monumentare reeds oor die hele land versprei is.

**Paul Louw** boer in die distrik. Noudat hy sy eie vrugteboord het, hoef hy nie meer, soos vroeër, in die nag rond te loop om van die bure se pere in te oes nie!

**Gert P. Visser** werk by Barratt en Pillans op Krugersdorp.

**Hendrik C. Brink** is 'n geoktrooieerde rekenmeester in die Kaap.

**Johann Birkenstock** hou in Natal skool. Hy het verlede jaar sy M.Sc.-graad behaal.

**Albert Venter** maak goeie vordering op die spoorweë.

**S. Louw** het enige jare gelede sy doktorsgraad behaal en is nou lektor aan die Universiteit Pretoria.

**Joey van Zyl** is werksaam in die spoorwegkantoor te Johannesburg. Ons verneem so vérlangs dat sy groot planne vir die nabye toekoms het.

**Elise van Zyl** gee onderwys op Brakpan.

**Braam van Wyk** werk op Roodepoort.

**Betsij Goote** is verlede Desember getroud met mnr. Carl Schicke wat onderwys gee op Warmbad.

**Willie Lotz, Rona Wallace** en **C. Hendriks** gee onderwys aan die Noordskool op Krugersdorp.

**Louis van Rensburg** is nou onderwyser in kuns op Pretoria. Hy is reeds 'n trotse paterfamilias.

**Hendrik van Putten** is 'n ywerige en vooruitstrewende sakeman op Pretoria.

**Carl Wessels** wat louere verwerf het as rugbyspeler, werk op Wes-Rand. Hy is getroud met **Lenie v. d. Bergh.**

**Sophie du Plessis** het verlede jaar haar B.Comm.-graad op Potchefstroom behaal. Sy sit haar studies voort.

**Tom van Dyk, Andries Reitsma, Mientjie Pieterse** en 'n hele klomp ander studeer op Potchefstroom.

**Ryk Becker** het sy studie in die medisyne voltooi en praktiseer al enige maande op Pelgrims-Rus. Die enigste wat hom sal kan weghou van die feesviering van die skool, skrywe hy, is die petrol-rantsoen.

**Hester Boshoff, Rita Pretorius, Bessie van Andel, Karla Kerling** en nog 'n hele klompie ander wat vergeet het om te skrywe (hulle wil ons verras deur te kom kuier sonder om te skrywe) studeer op Pretoria.

**Visser Viljoen** werk in Johannesburg maar woon nog op Krugersdorp. Wat sou dit wees wat hom so geheg aan Krugersdorp maak?

**Willem Boshoff** en **Bettie Fourie** is ongeveer 'n jaar gelede getroud en woon op Germiston.

**Hansie Schutte** voel trots op sy oudste seun. Hulle woon op Krugersdorp.

**Piet du Bruyn** werk in die myn-hospitaal.

**Johan Cornelius** werk in die magistraatskantoor op Johannesburg.

**Gert v. d. Bergh,** wat as leerling reeds hoog presteer het op die gebied van die toneelspel, het sy werk op die myn opgesê om verder te kan gaan studeer. Ons verwag veel van hom.

**Johan Otto** is verloof aan **Stefanie van Jaarsveld.** Dit word gefluister dat hulle nie lank op hulle sal laat wag nie.

**Louis van Heerden** is nou 'n onderwyser en het 'n aanstelling gekry aan die Nancefieldskool op Johannesburg. Hy verlang nog baie terug na die lekker ou voetbal-dae.

**Piet Grundlingh** is boekhouer by die firma Rhodes, Du Toit en Harthan op Krugersdorp.

**Alletta Horn** is hoof sentrale-meisie op Brits.

**Anna van Wyk** studeer in die medisyne op Johannesburg.

**Hendrina van Heerden** werk by Rhodes, Du Toit en Harthan.

**Frikkie Marx,** baas voetbalspeler in sy dae, werk in die myn.

**Jossie Viljoen** hou skool op Wes-Krugersdorp.

**Elsa Schumann** kwalifiseer vanjaar as onderwyseres.

**Alida Bolton** is besig om haar op Johannesburg te bekwaam as huishoudkunde-onderwyseres.

**M. H. O. Kloppers** is hoof van die Rodoraskool.

**Liesbet Schumann** hou skool op Warmbad.

**Willie de Vries** werk in die munisipale kantoor op Krugersdorp.

**Rita Olivier** werk in die Spoorwegkantoor op Boons.

**Rykie Brink** is getroud met mnr. J. D. Beyers, wat vroeër tydelik op die staf was en nou 'n dosent aan die Tegniese Kollege op Johannesburg is.

**Alba van Ellewee** werk in die openbare biblioteek op Krugersdorp.

**Mattie Braan** is verloof aan mnr. M. Serfontein van die staf van die Monument-hoërskool. Sy werk tans in die plaaslike hospitaal.

**G. Coetzee** werk plaaslik in die poskantoor. Hy is vir die afgelope paar jaar die ywerige sekretaris van die oudstudente-voetbalklub.

**Katie Blaauw** is in 1928 getroud met mnr. J. L. Vorster van die pospersoneel op Johannesburg. Sy skrywe dat sy dus „die waardige amp van huisvrou" beklee.

**Desideri Erasmus,** 'n eersteling-skoliere van 1921, is vensterversierster by die O.K.-basaar op Krugersdorp.

**Martha en Johanna Coetzee,** albei ook leerlinge van die jaar 1921, is beide getroud. Martha is nou mev. Erasmus en woon op Krugersdorp. Johanna is mev. Mostert en woon in Natal.

**Mimmie Dieperink** is nou mev. Erasmus. Sy is 'n verpleegster in die Krugersdorpse hospitaal.

# MONUMENT-HOËRSKOOL

## KRUGERSDORP

---

*Lede van die Beherende Liggaam van die Skool:*

Die weled. here M. H. O. Kloppers (voorsitter), ds. A. T. Martinson, dr. P. S. Pretorius, J. F. Bolton, W. P. Boshoff, M. J. du Plessis, W. W. Viljoen, ds. C. B. Brink en C. Jonker.

---

**Hoof: M. L. BRINK, B.A.**

**Staf:**

M. J. Gregory, M.A., Afrikaans.
P. F. T. Wessels, B.A., Handelsvakke.
Mej. M. M. Stander, B.A., Biologie.
J. W. Lange, B.Sc., Matesis.
J. H. van Dyk, M.A., M.Ed., Geskiedenis.
J. J. Pieterse, M.A., M.Ed., D.Phil., Latyn, Afrikaans.
Mej. E. O. de Clercq, M.A., B.Ed., Engels.
J. C. Mahne, M.A., Duits.
M. C. Myburgh, B.Sc., Wetenskap.
N. J. J. Bornman, B.A., Geskiedenis, Bybelonderrig.
L. Wildenboer, B.Sc., Matesis.
Mej. M. Kloppers, B.A., Engels.
Mej. I. Joubert, B.A., Duits, Aardrykskunde, Afrikaans.
B. Burger, M.A., Aardrykskunde.
Mej. J. Vermeulen, Huishoudkunde.
L. Tönsing, Algemene Vormwerk (tydelik).
Mev. G. Eckard, Sang.
S. H. Reyneke, Hout- en Metaalwerk.
Mej. J. Tichauer, Liggaamsoefeninge vir Meisies.
M. Serfontein, Liggaamsoefeninge vir Seuns.

SEKRETARIS: Mnr. J. H. BENSCH.

---

Leerlinge word tot die skool toegelaat op vertoning van hul Std. VI-sertifikaat. Verdere besonderhede aangaande kursusse, ens., verkrygbaar by die Hoof of die Sekretaris van die Beherende Liggaam.

Gedruk deur die Voortrekkerpers, Bpk., Johannesburg.